## 3. Artikels in Afrikaans

1. ’n Kursus in Oorsaak en nie Gevolg - deur Allen Watson
2. Kwantum vergifnis- deur J. Oldham en J. Vitale
3. Die verwantskap tussen die Sirkel en Ken Wapnick se idees - deur die Sirkel se onderwys personeel
4. Oor *'n Kursus in Wonders* - deur Greta Jonker
5. Die ewige Wysheid van 'n Kursus in Wonders - deur Roger Walsh, Ph.D
6. Hoe kon die skeiding plaasgevind het? - deur Gloria en Ken Wapnick
7. Vrees of genesing – wat kies jy? - Darla Hughes
8. Ons is nie net liggame nie; ons is suiwer bewuste - Ray Comeau

## 1. 'n Kursus in Oorsaak en nie Gevolg

deur Allen Watson
met vriendelike toestemming van die Circle of Atonement (www.circleofa.org)
A Better Way, June 2006
vertaal deur Marie de Kock

In die hoofstukke voor hoofstuk 12, bied die Kursus sekere sleutelbegrippe aan. Hierdie konsepte word in die openingsparagrawe van die hoofstuk wat “Die leerplan van die Heilige Gees” genoem word, aangebied. ’n Leerplan is ’n lys van vakke wat in ’n spesifieke studiekursus onderwys word. Dié hoofstuk is dus nog ’n oorsig van wat die Kursus probeer onderrig. Die openingsparagrawe herinner ons dat die geestesdenke (Engels mind) altyd die bron van die oorsaak is en dat alles anders die gevolg is van die keuses wat in die geestesdenke gemaak word.

• geestesdenke kies en interpreteer
• gevoelens reageer op die geestesdenke se interpretasie
• gedrag volg

Die geestesdenke waar keuses gemaak word, kies tussen twee moontlike interpretasies van dinge en mense in ons lewe. Dit kies tussen “die twee evaluerings” soos dit in ’n vorige afdeling (T-9.VII) genoem is. Die geestesdenke se keuse is gebaseer op wat ons wil sien: òf die wêreld van die ego òf die skepping van God. Ons geestesdenke kies meestal die interpretasie van die ego. Daarom sien ons aanval, of verwerping of verraad of verslawing (manipulasie en kontrole). Daarna beskou ons dié interpretasie as die waarheid (waar vir ons, maar nie regtig waar nie). Ons glo dis ’n feit en nie net ons interpretasie nie.

Tweedens het ons ’n emosionele reaksie teenoor ons interpretasie van dinge. Ons voel aangeval. Ons voel onsself die slagoffers van die wêreld wat ons sien. Ons voel kwaad en eis geregtigheid en wraak; ons kry seer.

Uiteindelik sit ons die emosionele reaksie in gedrag om. Ons tree op soos ’n slagoffer, ons word selfs siek. “Jy het my seeergemaak!” sê ons vir ons broer. As ons ons emosies uitspeel en die slagoffer word, val ons eintlik ons broer aan. Dit is ’n besonder wrede aanval, want dis verskans en lyk na iets anders. Deur die slagoffer te speel, beskuldig ons ons broer: “Jy viktimiseer my. Jy is ’n verraaier, ’n aanvaller, ’n manipuleerder.” Dit is nooit die waarheid omtrent hom nie; dit is net ’n interpretasie wat ons vir onsself waar gemaak het en hom nou daarvan probeer oortuig.

Soms reageer ons nie op ons emosies nie. Ons beheer ons gedrag. Ons glimlag en probeer aangenaam wees, ons gee voor ons het nie die emosionele reaksie nie. Ons mag selfs glo dat ons liefdevol is en konflik vermy. In der waarheid is dit soms gesonder om op ons emosies te reageer (hoewel dit steeds ’n wrede aanval is). Deur die emosie te onderdruk, splits ons en val ons geestesdenke aan. Die een deel van die geestesdenke sien die ander persoon as ’n sondaar en het ’n sterk emosionele reaksie, terwyl die ander deel vir ons sê dat ons nie so kan optree én liefdevol kan wees nie. Die integriteit van die geestesdenke word dus vernietig.

Hoewel dit eerliker is om op die emosies van seerkry en verraad te reageer, is dit nie die finale antwoord nie. Die Kursus wil nie die gedrag en die emosie net so laat nie; dit wil beide verander. Om die emosie direk aan te val, kan dit nie doen nie. Om jou vrees, seerkry en woede te smoor, is nie moontlik nie. Solank die interpretasie waarop die emosies berus, onveranderd is, kan ’n mens nie waarlik vergewe nie. “Dit is ’n kursus in oorsaak, en nie in gevolg nie.” (T-21.VII.7:8) lui dit. Jy kan nie die probleem oplos deur dinge op die vlak van die gevolg te verander nie, wat die vlak van ons emosionele reaksie is. Jy moet teruggaan na die oorsaak wat die keuse is wat in die geestesdenke gemaak is en waarop die interpretasie berus.

Ons kan die probleem nie oplos deur die gedrag of die emosies te verander nie. Dit kan net opgelos word deur na die bron terug te gaan; die besluit in die geestesdenke om iets op ’n sekere manier te interpreteer. Ons het ’n ander interpretasie, ’n ander oordeel nodig. Dit is hoekom die hele proses net begin as ons gewillig is om ons interpretasie op te gee, om dit te bevraagteken (T-11.VIII.3:8), om te besef dat ons nie weet wat enigiets beteken nie (T-11.VIII.2:3,5) en die Heilige Gees te vra vir ’n ander manier om na dinge te kyk.

Sy manier om na dinge te kyk – Sy interpretasie – word hier die oordeel van die Heilige Gees (T-12.I). Ons het in die vorige deel gesien dat net liefdevolle gedagtes hierdie wêreld enige realiteit gee, alles anders is vals. Daarom interpreteer die Heilige Gees dinge op dié wyse: elke liefdevolle gedagte is waar. Alles anders is ’n roep om genesing en hulp, watter vorm dit ook al aanneem. (T-12.I.3:3-4) Dit is die waarheid. Enige ander interpretasie is die gevolg van die ego wat dit wat dit wil sien, op die waarheid afdruk. Al ons probleme, al ons verwarring en emosionele pyn, kom uit hierdie een bron. Ons is nie die slagoffers van die wêreld wat ons sien nie (W-dl.31); eerder, ek is die slagoffer van my eie interpretasies, van my eie gedagtes oor wat dinge beteken.

Hierdie hoofstuk gaan oor wat die Heilige Gees ons probeer leer: om Sy oordeel in plaas van ons eie te aanvaar. Dit sê dat ons sal begin sien as ons gewillig is om ons interpretasies op te gee, op te hou om te dink ons verstaan enige iemand anders se ego en toe te laat dat die interpretasie van die Heilige Gees oor ons eie seëvier. “Ek sal terugtree en Hom die pad laat wys” (W-dl.155) is ’n manier om dié proses op te som; ek trek my geloof in my eie interpretasies van dinge terug en aanvaar sy oordeel in my geestesdenke. Dit gaan nie om ’n beter “parkeerplek” nie; dit gaan daaroor om almal en alles in die wêreld met ander oë te sien. (W.in.4:1)

Allan Watson is ’n skrywer en onderwyser van die Circle of Atonement, is die skrywer of mede-skrywer saam met Robert Perry van gewilde boeke oor die Kursus, sowel as talle artikels in Kursustydskrifte en – nuusbriewe. Hy is oor die wêreld bekend vir sy daaglikse insiggewende kommentaar wat op die Internet, sowel as in boekvorm (A Workbook Companion, Volumes 1& 11) verskyn.

Allen is ook internasionaal bekend as ’n spreker oor die Kursus. Sy geïnspireerde skryfwerk en onderrig help studente om die betekenis van die Kursus vir hulself te ontsluit.

**2. Kwantum vergifnis**

deur J. Oldham

Elektrone vergewe nie (hulle het nooit veroordeeld nie!)

“1. Eer aan God in die hoogste, en eer aan jou, want Hy het dit so gewil. 2Vra en dit sal vir jou gegee word, want dit is alreeds gegee. 3Vra vir lig en leer dat jy lig is. 4As jy begrip en klaarheid wil hê, sal jy dit leer, want jou besluit om dit te leer, is die besluit om te luister na die Onderwyser wat kennis van lig het, en jou dit daarom kan onderrig. 5Daar is geen beperking op wat jy leer nie, want daar is geen beperking op jou geestesdenke (Engels mind) nie. 6Daar is geen beperking op Sy onderrig nie omdat Hy geskep is om te onderrig. 7Omdat Hy sy funksie volmaak begryp, vervul Hy dit volmaak, want dit is Sy vreugde en joune.

2. Om die Wil van God volmaak te vervul, is die enigste vreugde en vrede wat ten volle geken kan word, want dit is die enigste funksie wat ten volle ervaar kan word. 2Wanneer dit bereik is, dan is daar geen ander ervaring meer nie.” (T-8.III.1 – 2:2)

Kom ons kyk na ons self met behulp van die gedagte van kwantum-vergifnis. Kyk na die wêreld wat jy sien – dit wat jy die werklikheid noem. Jy was oortuig van die soliditeit, die empiries verifieerbare bestaan, die onbetwyfelde effek van jou gang deur tyd. Dit is ’n universum van ruimte, tyd, materie, beweginglooheid, aksie en reaksie. Jy glo jy is die gevolglike resultaat van al die kragte van alles wat op jou inwerk. Jy is die slagoffer van ’n onbeheerbare chaotiese see van ruimte en tyd.

Gelukkig het kwantum-wetenskap ons enkele ontstellende, maar tog merkwaardige ontdekkings oor die ware aard van wat ons die “werklikheid” noem, gewys. As ons deur ’n mikroskoop na ons universum kyk, sien ons iets heel anders as waaraan ons gewoond is. Soliede objekte word wollerig en pols met energie. Die netjiese lyne wat dinge definieer en afbaken, vervaag. Dit lyk of alles uit energie bestaan en in konstante beweging en verandering is. Daar is nie soliede objekte nie en kragte werk op mekaar in. Ons sien ’n oneindige kragtige en kreatiewe energieveld wat alles verbind. Daar is nie aparte dinge met verskillende ruimtes en veranderende tyd nie. Daar is net ’n enkele energieveld wat alles wat daar is, omsluit en in eenheid saambind. Ons sien dat wat soos aparte soliede objekte gelyk het, eintlik energie en sub-atomiese partikels is wat alles in ’n konstante eb en vloed van skepping en kommunikasie deel. Wonderbaarlik genoeg, kan die partikels enige iets of enige plek wees sonder om hulle eie geaardheid te verander. Hierin lê die sleutel tot vergifnis.

Vir die mens is vergifnis, die daad van vergewing van iemand of iets vir ’n slegte ding wat in die verlede gebeur het, ’n opoffering. As die seerkry erg was, is vergifnis onmoontlik. Ons strompel voort en gee voor dat ons vergewe, maar in ons agterkop bly die herinnering aan die pyn. Gelukkig gee die kwantum-visie ons ’n nuwe blik op die aard van vergifnis.

Die subatomiese partikels en eenheidsveld bestaan in ’n staat van oombliklike kommunikasie met alles in die universum. Hulle weet nie van die veranderende patrone van omstandighede en betekenisse wat ons “die lewe” noem nie. Hulle weet nie van die idee van aparte selwe nie. Hulle ondergaan nie die gevolge van konflik waaraan ons ly nie. Vir ’n elektron het ons wêreld nooit bestaan nie. Vir ’n elektron bestaan jy nie apart van homself nie. Vir ’n elektron is daar nie lyding nie, want daar is net eenheid. Vir ’n elektron is daar nie twyfel nie.

Dit is interessant om te sien dat alles in hierdie subatomiese energieveld “antwoord” en reageer op die feit dat ons daarna kyk. In daardie sin, sien ons nooit die veld soos dit is nie, maar net hoe dit ons gedagtes reflekteer. Dus, heeltemal letterlik, die “wêreld” wat jy daar buite sien, is nie regtig onafhanklik van jou nie. Wat jy sien, verander saam met jou gedagtes, letterlik. Dit is die ander sleutel tot vergifnis wat die kwantum-veld ons bied.

Vandat jy jou verstand gekry het, het jy geleer dat “sien, glo is”. Die wêreld wat jy sien, is ’n uiterlike prentjie van ’n innerlike toestand. Dit is ’n perfekte refleksie van jou gemoedstoestand. Dit is ’n prentjie van die chaos van jou perseptuele self-identiteit buite en apart van jouself geprojekteer. Die wêreld daar buite is nie werklik “daar buite” nie. Wat jy gedink het in Waarheid gebeur, het nooit gebeur nie. Nou kan jy finaal vergewe.

As mens was jy in ’n konstante staat van stryd met alles in die wêreld, steeds besig om aan te val, te verdedig, te oordeel sonder om ooit die “werklikheid” van die konflik te bevraagteken. Dit is die sleutel vir ontwaking. Jy het nie vergewe “wat gebeur het” nie, maar besef dat dit nooit gebeur het nie. Dit is nie opoffering nie. Dit herstel jou bewustheid van die wêreld om jou. Op ’n vlak dieper as jou konflik, sien jy dat die verenigde energieveld nog altyd gelukkig, sereen en ewig was. In ’n ware oomblik van vergifnis het jy die betekenis wat jy op alles geprojekteer het, ongedaan gemaak en gesien wat regtig al die tyd daar was. Jy het alles vergewe, omdat jy jou eie illusies vergewe het. Jy het ontwaak. En gevolglik die finale besef: jy besef dat die verenigde energieveld die Geestesdenke van God self is.

J. Oldham

A Course in Miracles International

Hierdie artikel is oorspronklik in die Forgiveness Issue of the Out of Time Journal gepubliseer.

Hier volg ’n perfekte voorbeeld van “kwantum-vergifnis” en die krag van “kwantum-genesing”

**Ho’oponopono**

deur Joe Vitale

Twee jaar gelede het ek van ’n sielkundige in Hawaii gehoor wat ’n hele saal vol krimineel kranksinnige pasiënte genees het – sonder om hulle te gesien het. Hy het die pasiënte se kaartbesonderhede bestudeer en dan homself begin afvra hoe hy´ elkeen se siekte kon veroorsaak het. Soos hyself verbeter het, het die siekes begin verbeter.

Toe ek die eerste keer die storie gehoor het, het ek gedink dis een van daardie dorpsmites. Hoe kan iemand iemand anders genees deur homself te genees? Hoe kan selfs die beste geneesheer ’n krimineel kranksinnige genees? Dit maak nie sin uit nie. Dis heeltemal onlogies. Ek het die storie nie geglo nie.

’n Jaar later het ek dit weer gehoor. Dit was glo ’n terapeut wat ’n Hawaise genesingsproses genaamd ho’oponopono gebruik het. Ek het nog nooit daarvan gehoor nie en kon die saak nie vergeet nie. As dit waar was, wou ek meer weet. Ek het altyd gedink “algehele verantwoordelikheid” beteken dat ek verantwoordelik is vir wat ek dink en doen. Verder, is dit uit my hande. Ek dink die meeste mense verstaan algehele verantwoordelikheid so. Ons is verantwoordelik vir wat ons doen, nie wat ander mense doen nie, maar dis verkeerd.

Die Hawaise terapeut wat die verstandelik siek mense genees het, sou my ’n gevorderde nuwe perspektief op algehele

verantwoordelikheid gee. Sy naam is dr. Ihaleakale Hew Len. Ons het omtrent 'n uur gesels tydens ons eerste telefoon oproep. Ek het hom gevra om my die volle verhaal oor sy terapie te vertel.

Hy het gesê dat hy reeds vier jaar by die Hawaise staatshospitaal werk. Die saal waar die krimineel kranksinniges gehuisves is, was gevaarlik. Sielkundiges het maandeliks bedank. Die personeel was dikwels afwesig of het net eenvoudig weggegaan. Mense het met hul rûe na die muur deur die saal geloop, bang om deur pasiënte aangeval te word. Dit was nie 'n aangename plek om in te woon, in te werk of te besoek nie.

Dr. Len het my vertel dat hy nooit die pasiënte gespreek het nie. Hy het 'n kantoor gehad en hul lêers deurgegaan. Terwyl hy na die lêers gekyk het, het hy aan homself gewerk. Soos hy gevorder het, het hulle begin genees.

"Na 'n paar maande is pasiënte wat geboei was, toegelaat om vryelik rond te loop," het hy vertel, "Ander wat swaar verdoof moes wees, kon die medikasie staak. En baie wat nie ooit ontslaan kon word nie, is toegelaat om te gaan." Ek was verstom. "Nie net dit nie," het hy gesê, "maar die personeel het dit begin geniet om te kom werk. Afwesigheid en die bedankery het verdwyn. Ons het later meer personeel as wat nodig is, gehad omdat pasiënte ontslaan is en soveel mense kom werk het. Vandag is daardie saal gesluit."

Toe vra ek die miljoendollar-vraag: "Wat het jy aan jouself gedoen wat die mense so laat verander het?"

"Ek het net die deel van my wat hulle so gemaak het, genees," sê hy. Ek het nie verstaan nie. Dr. Len het verduidelik dat algehele verantwoordelikheid vir jou lewe beteken dat alles in jou lewe – net omdat dit jou lewe is – jou verantwoordelikheid is. In 'n letterlike sin is die hele wêreld jou skepping.

Dis nogal 'n mondvol. Om verantwoordelik te wees vir wat ek sê en doen, is een ding. Om verantwoordelik te wees vir wat almal in my lewe sê of doen, is iets anders. Tog is dit die waarheid: as jy verantwoordelikheid vir jou lewe aanvaar, dan is alles wat jy sien, hoor proe, aanraak of op enige ander manier ervaar, ook jou verantwoordelikheid, want dit is jou lewe. Dit beteken dat terroristiese aktiwiteit, die president, die ekonomie of enige iets wat jy ervaar en nie van hou nie, daar is sodat jy dit kan heel. Die dinge bestaan nie, by wyse van spreke, behalwe as projeksies van dinge in jou nie. Die probleem lê nie by hulle nie, maar by jou en om hulle te verander, moet jy jouself verander.

Ek weet dis moeilik om te begryp, wat nog te sê om te aanvaar en te belewe. Blaam is baie makliker as verantwoordelikheid, maar terwyl ek met dr. Len gepraat het, het ek begin besef dat genesing vir hom en in ho'oponopono beteken om jouself lief te hê.

As jy jou lewe wil verbeter, moet jy jou lewe heel. As jy iemand wil genees, selfs 'n krimineel kranksinnige, moet jy jouself genees.

Ek het dr. Len gevra hoe hy homself genees het. Wat presies het hy gedoen toe hy na die pasiënte se lêers gekyk het.

"Ek het net aanhou sê: 'Ek is jammer' en 'Ek het jou lief' oor en oor," het hy gesê.

Dit is so dat om jouself lief te hê, die grootste manier is om jouself te verbeter en as jy jouself verbeter, verbeter jy jou wêreld.

Laat ek 'n voorbeeld gee hoe dit werk; op 'n dag stuur iemand my 'n e-pos wat my ontstel. In die verlede sou ek dit met 'n emosionele reaksie hanteer het of probeer het om met die persoon te redeneer.

Dié keer egter, besluit ek om dr. Len se metode te beproef. Ek het aanmekaar in my kop geê: "Ek is jammer" en "Ek het jou lief." Ek het dit nie spesifiek vir iemand gesê nie. Ek het eenvoudig die gees van liefde aangeroep om in my te genees wat die uiterlike omstandighede geskep het.

Binne 'n uur kry ek nog 'n e-pos van dieselfde persoon. Hy vra om verskoning vir sy vorige boodskap. Onthou, ek het niks uiterliks gedoen om die verskoning te kry nie. Ek het nie teruggeskryf nie. Tog, deur "Ek het jou lief" te sê, het ek op 'n manier iets in my wat hom geskep het, geheel.

Ek het later 'n ho'oponopono-werkswinkel van dr. Len bygewoon. Hy is nou 70 jaar oud en word as 'n grootvaderlike sjamaan beskou. Hy het y boek The Attractor Factor aangeprys. Hy sê dat soos ek myself verbeter, my boek se vibrasies sal verhoog en dat mense wat dit lees, dit sal aanvoel. Kortliks, as ek verbeter, sal my lesers ook verbeter.

"Wat van die boekie wat reeds verkoop en in die wêreld versprei is?" het ek gevra.

"Hulle is nie daar nie," het hy verduidelik en weereens my wind weggeslaan met sy mistiese wysheid. "Hulle is nog steeds in jou." Kortliks, daar is nie 'n wêreld daar nie. Dit sal 'n hele boek neem om hierdie gevorderde tegniek met die diepte wat dit verdien, te verduidelik.

Genoeg om te sê dat wanneer jy enigiets in jou lewe wil verander, is daar net een plek om te begin: in jouself. En met liefde.

In die woorde van Dr. Ihaleakala Hew Len: "Ho'oponopono is eintlik baie eenvoudig. Vir die antieke Hawaiërs het alle probleme as 'n gedagte begin. Maar om 'n gedagte te hê, is nie 'n probleem nie. Die probleem is dat al ons gedagtes met pynlike herinneringe aan mense, plekke en dinge deurdrenk is. Die intellek alleen kan nie hierdie probleme oplos nie, omdat die intellek net beheer. Om dinge te beheer, los nie probleme op nie. 'n Mens moet hulle los. As jy Ho'oponopono toepas, neem die Goddelike die pynlike gedagte en neutraliseer en suiwer dit. Jy suiwer nie die persoon, plek of ding nie, jy neutraliseer die energie wat jy met daardie persoon, plek of ding assosieer. In die eerste plek is Ho'oponopono die suiwering van daardie energie.

Daarna gebeur iets wonderliks. Nie net word die energie geneutraliseer nie; dit word ook vrygestel, sodat die lei weer skoon is. Boeddhiste noem dit die Ruimte. Die laaste stap is dat jy die Goddelike toelaat om daardie ruimte met lig te vul.

Om Ho'oponopono toe te pas, hoef jy nie te weet wat die probleem of fout is nie. Al wat jy moet doen, is om bewus te word van enige probleem, fisies, verstandelik, emosioneel, wat jy ervaar. Sodra jy daarvan bewus is, is dit jou verantwoordelikheid om dadelik te begin suiwer deur te sê: 'Ek is jammer. Vergewe my asseblief.'"

**3. Die verwantskap tussen die idees van Ken Wapnick en die Circle of Atonement**

Deur die Circle se onderwys personeel:
Robert Perry
Greg Mackie
Allen Watson
Mary Anne Buchowski
Nicola Harvey

Met die vriendelike toestemming van die Circle of Atonement (www.circleofa.com/articles)

Vertaal deur Henri Theron en taalkundig versorg deur Marie de Kock

Oor die jare is ons by die Circle gereeld deur studente gevra om die verwantskap tussen ons idees en dié van Ken Wapnick te verduidelik. Die studente weet dat beide Ken Wapnick en die Circle of Atonement probeer om die Kursus akkuraat weer te gee, maar hulle weet ook dat ons die Kursus anders sien. Dit verwar studente. Baie van hulle beskou beide die Sirkel en Ken Wapnick

as gesaghebbende onderrigbronne.
Ons het besluit om die probleem eers kortliks in hierdie nuusbrief en later volledig in ’n boek aan te spreek. Hierdie lys is nie volledig nie, maar ons het dit so goed as moontlik probeer doen. Dit is moeilik om iemand se sienings so bondig te probeer opsom. Om Wapnick so getrou moontlik weer te gee, het ons dikwels sy eie woorde aangehaal. Waar hy dinge anders onderrig (of waar daar oënskynlik teenstrydighede is), het ons probeer om sy belangrikste beklemtonings te vertolk. Die inleiding tot die lys van ooreenkomste en verskille gee kortliks ’n oorsig van waar dit, volgens ons mening, vandaan kom.
Ten slotte: dit is nie die doel van hierdie artikel om bewyse te verskaf om ons sienings te regverdig nie. Daarom dat daar hier onder ook geen verwysings na die Kursus is nie. Hierdie artikel probeer bloot om ons en Wapnick se sienings so objektief en onpartydig as moontlik weer te gee.
Ooreenkomste
Dit lyk of die ooreenkomste tussen Wapnick en die Circle se idees die gevolg is van hierdie gemeenskaplike waarde wat deur beide gehuldig word: getrouheid aan die Kursus. Beide glo sterk dat die Kursus geëer moet word, bly soos dit is, dat daar gehou moet word by wat dit sê, dat dit nie deurmekaar moet raak met ander onderrigsisteme nie en dat dit nie aan ander idees moet toegee omdat dit lyk of sy eie te radikaal of ekstremisties is nie. Ons probeer beide om die Kursus suiwer te hou, sonder verdraaiing of verwatering.

- Daar is slegs één werklikheid, die éénheid van die Hemel. Daar is niks buite dit nie.
- Die wêreld, insluitende die hele universum van tyd en ruimte, is ’n illusie.
- Die wêreld is nie God se skepping nie, maar ’n projeksie van ons waansin, die resultaat van ons aanval op God.
- Die wêreld van tyd en ruimte is die gevolg van die skeiding, ’n gebeurtenis waartydens een of meer dele van die Hemel waansinnig geword het.
- Jesus is (in ’n sekere sin) die skrywer van die Kursus.
- ’n Belangrike belangrik aspek van die Kursus is om die duisternis van die ego se denksisteem te erken; om daardie duisternis raak te sien en te laat vaar is noodsaaklik vir ons verlossing.
- Hierdie laatvaarding geskied deur vergifnis, die Kursus se sentrale motief.
- Vergifnis vind binne die konteks van ons interpersoonlike verhoudings plaas.
- Die Kursus is ’n opvoedkundige program (of leerplan) vir spirituele ontwaking. Dit behels ’n leerprosés, ’n “geïntegreerde leerplan” 1 waar elke boekdeel ’n rol speel.
- Die Teks vorm die teoretiese grondslag van ’n Kursus in Wonders. Die intellektuele bestudering van die Teks is vir studente van die Kursus noodsaaklik.
- Die Werkboek dien die doel om die denksisteem wat in die teks gegee word prakties toe te pas, om ons geestesdenke te skool om “te oefen om volgens die riglyne te dink, soos dit deur die teks uiteengesit word.” (W-in.1:4)
- Die Kursus is simfonies geskryf. Dit bied ’n tema aan, sit dit opsy, bied dit weer aan en ontwikkel dit verder.
- Die Kursus is ’n unieke, voldoende en volledige spirituele weg. Om die Kursus met ander onderrigsisteme en metodes te vermeng, vertroebel en verwater dit. Kursus studente word gevra om sy´ metodes, in plaas van ander weë, te oefen. Maar dit vra ook dat studente ander weë as vorms van die universele kursus eer.

Verskille
Verskille (die wat betekenisvol is) kom neer op een enkele punt: Moet die Kursus hoofsaaklik letterlik of metafories geïnterpreteer word? By die Circle benader ons dit hoofsaaklik letterlik. Ons sien dit as ’n Kursus wat presies sê wat dit bedoel. (T-8.IX.8:1)
Alhoewel Wapnick dieselfde aanhaling gebruik om sy manier van interpretasie te ondersteun, is sy hoof beklemtoning anders. Hy onderrig dat alles in die Kursus wat dualiteit impliseer en wat die grootste gedeelte van die Kursus se taal uitmaak (Jesus se onderrig kom hoofsaaklik in ’n dualistiese raamwerk 2), metafories gesien moet word.
Wat is dualiteit? Enigiets wat impliseer dat daar twee werklikhede bestaan: die éénheid van die Hemel en iets anders. Dualiteit, soos Wapnick dit hanteer, blyk die volgende idees in te sluit:
• enigiets wat suggereer dat God of die Hemel bewus sou wees van die skeiding en daarop sou reageer
• enigiets wat impliseer dat die fisiese wêreld werklikheid is
• enigiets wat impliseer dat deelname aan fisiese gedrag, of die strewe na eksterne resultate, verlossing vra
Al die bogenoemde idees impliseer dat daar iets buite en behalwe die éénheid van die Hemel sou kon bestaan. Volgens Wapnick moet al die gedeeltes wat dit sou impliseer, herinterpreteer word in die konteks van die Kursus se nie-dualistiese metafisika: die éénheid van die Hemel is die enigste werklikheid. Oppervlakkig gesien blyk dit of daardie gedeeltes oënskynlik van dualiteit praat, maar hulle werklike betekenis (volgens dié siening) is altyd nie-dualisties. Ons moet dus agter hulle oppervlak ingaan om die onderliggende betekenis te kry en dit kan selfs die teenoorgestelde van die oppervlakkige betekenis wees. As die woorde van ’n Kursus in Wonders letterlik opgeneem word, mag dit wees dat daar tot gevolgtrekkings gekom word wat presies die teenoorgestelde is van wat Jesus in werklikheid in sy Kursus onderrig. 3
Die gemeenskaplike waarde om getrou te wees aan die Kursus vurk hiermee in twee rigtings. Vir die Circle beteken ’n suiwer Kursus dat daar noukeurig gebly word by wat die Kursus sê. Vir Wapnick beteken dit dat daar noukeurig gehou word by daardie gedeeltes in die Kursus wat die suiwer waarheid uitdruk en dat die res van die gedeeltes dan herinterpreteer word in die lig van daardie waarheid, dat die gedeeltes in wese gesuiwer word. Om dit te vereenvoudig: Volgens ons benadering is die hele Kursus suiwer Kursus; volgens Wapnick se benadering is slegs sekere gedeeltes van die Kursus suiwer Kursus – slegs hierdie gedeeltes druk openlik die suiwer waarheid wat die Kursus in werklikheid onderrig, uit. Hierdie twee verskillende weergawes van getrouheid aan die Kursus ontlok vanselfsprekend twee verskillende sienings van die Kursus, soos in die volgende samevatting van verskille

gesien kan word.
As jy die verskille deurlees, sal jy uiteraard sien waar jy met die Circle saamstem, waar jy met Wapnick saamstem en waar jy met niemand saamstem nie. Ons wil jou egter aanmoedig om ’n oop gemoed te handhaaf. Al die kwessies moet sorgvuldig ontleed en ontgin word in die lig van wat die Kursus self onderrig. As studente van die Kursus het ons natuurlik alreeds ons eie idees oor die inhoud gevorm, maar dit moet oop bly vir verandering in die lig van wat die Kursus self sê. Niemand se siening is heilig nie. Ons glo dat dit die student se primêre taak bly om getrou te wees aan die Kursus se sienings, nie aan die Circle of Wapnick s’n nie en ook nie aan hulle eie nie.
Die Hemel en die skeiding

| Die Circle | Ken Wapnick |
|---|---|
| God kan akkuraat beskryf word as ’n oneindige, vormlose Persoon (sonder die vorm en beperkings van wat ons normaalweg ’n persoon noem). Hierdie persoonlike aspekte van God soos dit in die Kursus beskryf word as Sy vaderlike sorg, Sy begeerte om ons uit die pynlike slaap te kry, Sy hunkering dat ons moet ontwaak, is werklik. Die Kursus gebruik die taal van die mens se ervaring om iets uit te druk wat ons begrip te bowe gaan, maar daardie ‘iets’ is werklik daar. | Die God van ’n Kursus in Wonders is nie ’n persoon nie en beskik daarom nie oor die mensagtige eienskappe van homo sapiens nie.4 Wanneer die Kursus praat van God se persoonlike eienskappe, wanneer dit byvoorbeeld praat van God wat iets doen,5 vertel dit ons ’n sprokie6 omdat ons nog steeds kinders is. Dit is nie nodig om kleintjies te vertel dat hulle nie bang hoef te wees nie, want Pappa weet nie eers dat hulle daar is nie.7 |
| Die skeiding begin wanneer die Godgeskepte dele van die Seun van God (wat Seuns genoem word), hulle bewussyn onttrek van die éénheid van die Seunskap en terugtrek in ’n private slaaptoestand waar hulle van die skeiding droom. | Die skeiding begin wanneer die één Seun aan die slaap raak. Later, in ’n poging om van die verwagte straf van God te ontkom, verdeel hierdie een Seun dan in baie dele. Die Seun van God, wat steeds één bly, verwar sy wraaksugtige agtervolger deur in biljoene en biljoene deeltjies te fragmenteer.8 |
| Elk van ons is een van daardie Godgeskepte dele of Seuns van God. Jou ervaring is dat jy ’n mens is, maar die jy wat so bewus daarvan is dat hy ’n mens is, die jy wat kies om daardie oortuiging (die meeste van die tyd) te versterk, is ’n Seun van God, aan die slaap in die Hemel. Die jy aan wie die Kursus gerig word, is hierdie slapende Seun van God. | Elk van ons is ’n illusie,9 ’n geprojekteerde fragment van daardie een gesplete geestesdenke. Ons is almal, insluitende die persoon waarmee ons ons identifiseer, geprojekteerde beelde van die gesplete geestesdenke.10 Die een wat die keuses uitoefen, is die besluitnemer, die deel van ons geskeide geestesdenke wat buite tyd en ruimte lê. Die jy (aan wie die Kursus gerig word) is die besluitnemer.11 |
| God is daarvan bewus dat Sy Seuns aan die slaap geraak het. Hy weet dat hulle nie Sy Liefde en vreugde ontvang en dit ook nie uitbrei nie. Hy is egter nie bewus van die spesifieke inhoud van hulle droom nie. | God is nie daarvan bewus dat Sy Seun aan die slaap geraak het nie. Volgens ’n Kursus in Wonders weet God nie eers van sonde, skeiding en die droom nie.12 As God van die nietige dwase idee sou weet, sou dit werklikheid wees.13 |
| God se reaksie op die skeiding is om die Heilige Gees te skep in ’n poging om Sy Seuns wakker te maak. | God skep nie die Heilige Gees nie; daar is geen rede vir Hom daarvoor nie. God gee streng gesproke nie ’n Antwoord, die Heilige Gees, op die ontstaan van die gedagte van skeiding nie.14 |
| God hoor ons gebede en beantwoord elkeen. Hy doen dit deur die Kommunika-sieskakel wat Hy instel: die Heilige Gees. Hierdie skakel stel God in staat om met Sy Seuns te kommunikeer; deur kommunikasie te gee en te ontvang. | Hoe kan Hy die gebede in ons geskeide toestand hoor as Hy nie eers van die toestand bewus is nie? |
| Die Heilige Gees | |
| Die Heilige Gees is ’n uitbreiding van God se Wese en is dus ’n geskepte Wese soos die Christus. | Die Heilige Gees kan liefs begryp word as die herinnering van God se volmaakte Liefde wat saam met die Seun gekom het toe hy aan die slaap geraak het. So gesien, is die Heilige Gees nie werklik ’n Persoon Wat spesifiek en doelbewus deur God geskep is nie.16 |
| Die Heilige Gees, as ’n skepping van God, is werklik en ewig. | Die Heilige Gees is ’n illusie,17 ’n simbool,18 nie deur God geskep nie, bloot ’n geprojekteerde gesplete deel van jou self.19 |
| Die Heilige Gees is aktief. Hy werk in jou geestesdenke: onderrig, lei en genees die geestesdenke. En Hy is in die wêreld werksaam: rig ons besluite, verskaf die dinge wat ons nodig het, bepaal ons spesiale funksies en beplan die gebeure in ons lewens | Die Heilige Gees, as ’n illusie, kan nie optree nie, hetsy in ons geestesdenke of die wêreld. Die Heilige Gees doen nie in werklikheid iets nie.20 Sy oënskynlike aksies is die produk van ons eie geestesdenke. Wat ons vra, kry ons, maar nie van God nie. Dit is die krag van ons geestesdenke wat ons gee wat ons geestesdenke vra.21 |
| Om die Heilige Gees om leiding te vra, word in die Kursus beklemtoon. In die Teks word dit beklemtoon dat Hy ons | Om die Heilige Gees om bepaalde leiding te vra, is baie nuttig en ook nodig op die onderste trappe van die leer,22 waar dit vir |

| | |
|---|---|
| lewens rig. In die Werkboek word ons geleer om ons geestesdenke te stil en Sy Stem te hoor. Sodra ons dit regkry, moedig die Handleiding ons verder aan om Hom toe te laat om al ons besluite vir ons te neem om as onderwysers van God ons aardse funksie te vervul. Soos ons die ontwikkelingsleer opklim, word Hy toenemend die Een wat beheer oorneem van ons geestesdenke en lewens. | studente nodig is om in die sprokie23 dat God hulle in hierdie wêreld help, te glo. Soos hulle die trappe van die leer opklim, word hierdie vraery egter teenproduktief en word dit 'n ego-verdediging teen die ervaring van (God se) liefde.24 Soos hulle opklim, sien hulle toenemend in dat die Heilige Gees slegs 'n simbool is en dat God nie in die droom aanwesig is nie.25 |
| Jesus en die Bybel | |
| Die Bybel kan gesien word as onsuiwer of verdraaide openbaring. Die opregte onderrig van die Heilige Gees het deur die lens van menslike ego's gefiltreer. Die Bybel bevat dus sowel suiwer elemente (waar van 'n God van Liefde gepraat word) as onsuiwer elemente (waar van 'n God van wraak gepraat word). Die Kursus beklemtoon die suiwer elemente in die Bybel en korrigeer of herinterpreteer die onsuiweres. | Die Bybel kom van die ego en die karakter God is 'n selfportret van die ego.26 'n Kursus in Wonders en die Bybel is in wese onverenigbaar.27 Om te beweer dat die Kursus die Bybel korrigeer, is onvanpas, want om iets te korrigeer impliseer dat jy nog steeds die basiese raamwerk van wat jy korrigeer, behou. Die Kursus, daarenteen, weerspreek die basis van die Christelike geloof en laat niks waarop Christene hulle geloof kan baseer nie.28 |
| Die evangelies se weergawe van Jesus is defek, maar dit bevat tog sekere historiese waarhede, sowel wat Jesus se woorde betref as sy dade. Die evangelies kan ons dus (veral met die hulp van studente van die Nuwe Testament) 'n kykie gee van die geskiedkundige Jesus, 'n kykie wat verbasende ooreenkomste toon met die Jesus van die Kursus. | Die Jesus in die Kursus is beslis dieselfde Jesus wat tweeduisend jaar gelede in die wêreld verskyn het.29 Hierdie Jesus het egter niks te make met die Jesus waarvan ons in die evangelies vertel word nie. Die laasgenoemde Jesus is niks anders as die kollektiewe projeksies van die verskillende skrywers van die evangelies nie.30 Om hierdie rede is die Jesus van die Bybel en die Kursus onverenigbare figure. Slegs die naam verbind hulle met mekaar.31 |
| Jesus as 'n persoonlike teenwoordigheid is gedurig en aktief betrokke by elkeen van ons, is beskikbaar om ons met ons gedagtes en lewens te help en nooi ons uit om 'n opregte wederkerige verhouding met hom te hê | Jesus doen nie iets nie, want hy is, soos die Heilige Gees, 'n illusie,32 'n simbool.33 As dit lyk of iets in ons lewens van hom kom, is dit in werklikheid ons eie geestesdenke wat sy onaktiewe vormlose liefde in vorm omsit. |
| Jesus het die woorde en idees in 'n Kursus in Wonders aktief beplan en aan Helen Schucman dikteer. Om haar te bereik, het hy bewustelik vorms gekies waarmee sy vertroud was (die Engelse taal, Christelike simboliek, Freudiaanse sielkunde, 'n kursus formaat en Shakespeariaanse rymlose verse) | Jesus is nie die aktiewe skrywer van die Kursus nie en ook was dit nie sy bepaalde oogmerk nie. Hy bestaan as 'n soort reservoir van vormlose onaktiewe liefde by tyd en ruimte verby. Helen se geestesdenke het met hierdie liefde kontak gemaak en dit het toe haar geestesdenke ingevloei net soos water 'n leë glas volmaak. Dit is hoe die Kursus teweeggebring is. Dit neem die baie vorms van Helen se bestaan aan, want die vorms maak die glas uit wat die vormlose liefde vorm gee. Dit was dus Helen se geestesdenke wat die Kursus sy vorm gegee het.34 Jesus het slegs die vormlose liefdesinhoud verskaf (en hy het dit nie doelbewus gedoen nie). |
| Verhoudings | |
| As ons mense vergewe, doen ons dit nie net vir onsself nie, maar ook vir hulle. Ons probeer hulle verlos van sowel ons projeksies van skuld as hulle veroordeling van hulleself. Hierdie onselfsugtige liefdevolle bedoeling is eintlik die rede waarom vergifnis ons bevoordeel. Dit wys dat daar iets opreg goddelik in ons lewe. | Vergifnis word metafories beskryf asof dit in die dualistiese raamwerk van twee mense in 'n verhouding plaasvind, maar dit het eintlik niks met jou broer te doen nie.35 Daar is in werklikheid geen persoon buitekant jou nie, want ons is almal geprojekteerde beelde van 'n gesplete geestesdenke. Dis waarom die voorlaaste betekenis van vergifnis is dat ons, deur die Heilige Gees se hulp, leer om onsself te vergewe.36 |
| Om liefde en vergifnis na ander uit te brei, hetsy deur gedagtes, woorde of dade, is noodsaaklik vir ons ontwaking. Deur te sien dat daar liefde uit ons voortkom, die genesende gevolg daarvan op ander te sien en hulle gevoel van dankbaarheid te ervaar (wanneer dit aangebied word), oortuig ons dat die Heilige Gees in ons woon en dat ons dus heilig moet wees. Ons aanvaar die Versoening vir onsself sodat dit deur ons kan vloei in die vorm van wonders wat ons na ander uitbrei. | Ons taak is alleenlik om die Versoening vir onsself te aanvaar. Die verlossing van die wêreld hang van ons af deur slegs dit te doen.37 Die lig in ons geestesdenke sal dan outomaties die geestesdenke van die hele Seunskap verlig. As jy probeer om mense buite jou in die wêreld te help, trap jy in die strik om te glo dat daar werklik iets daarbuite bestaan. 'n Mens kan in werklikheid nie iemand anders genees nie, want as die wêreld 'n illusie is, wie is daar om te help?38 |
| Die Heilige Gees ontwerp vir elkeen van ons 'n spesiale manier om na ander uit te reik; een wat by ons vermoëns en by die bepaalde tyd en plek waar ons ons bevind, pas. Dit is ons spesiale funksie. Dit is ook ons bepaalde rol in die | Ons spesiale funksie is maar net die algemene funksie van vergifnis.39 Die Heilige Gees vra ons nie om 'n sekere taak in die wêreld te verrig nie. Jesus en die Heilige Gees vra ons nie regtig om enigiets te doen nie.40 As ons dink ons word gevra om 'n |

| | |
|---|---|
| algemene verlossingsplan vir die wêreld. Die Heilige Gees bring ons, as deel van hierdie spesiale funksie, in kontak met diegene wat ons moet help. | spesifieke taak te verrig, is dit die ego wat probeer om sy spesiaalheid te bevorder. Dit bevestig net die ego se werklikheid wanneer ons glo dat ons spesiaal gekies is om heilige, spesiale en baie belangrike werk in hierdie wêreld te verrig.41 |
| In die Kursus is ’n spesiale verhouding altyd ’n verhouding met ’n ander persoon, een waaraan altwee persone aktief deelneem. ’n Verhouding (deur die ego) met iets anders as mense (met alkohol byvoorbeeld) kry ’n ander naam: afgodery. Die term spesiale verhouding (asook onheilige verhouding) verwys altyd na spesiale liefde-verhoudings; verhoudings wat uiterlik liefdevol voorkom, maar wat onderliggend haat bevat. Die een verwysing in die Kursus na spesiale haat-verhoudings verwys in werklikheid, in konteks gesien, na spesiale liefde. | ’n Spesiale verhouding, soos enige ander verhouding, bestaan net in ’n persoon se geestesdenke. Om hierdie rede kan ’n persoon selfs ’n “spesiale verhouding” hê met lewelose objekte soos die Werkboek.42 Die Kursus beskryf twee soorte spesiale verhoudings: spesiale liefde-verhoudings (uiterlike vriendelike verhoudings) en spesiale haat-verhoudings (uiterlike antagonistiese verhoudings). |
| Om met ander te verbind ten opsigte van ’n opregte gemeenskaplike doel (en selfs ’n gemeenskaplike funksie) is vir verlossing noodsaaklik. Ons kan nie alleen terug by God uitkom nie. Slegs deur verbinding kan ons leer dat ons nie geskeide selwe het nie.<br>Slegs deur verbinding kan ons leer dat die ander persoon ook in werklikheid deel is van onsself. | Om met ander te probeer verbind op ’n gedragsvlak, is ’n voorbeeld van die magiese.43 Dit is die teenoorgestelde van wat Jesus in werklikheid in ’n Kursus in Wonders onderrig.44 Dit kan nie genoeg beklemtoon word nie dat die enigste ware verbinding en die ware fokus van Jesus se onderrig in die Kursus in ons geestesdenke met hom of die Heilige Gees plaasvind.45 |
| In ’n heilige verhouding verbind twee mense ten opsigte van ’n gemeenskaplike doel. Sodra dit gebeur, kom heiligheid die verhouding in en word hulle deur die proses om hulle ego’s te transendeer, gelei; verenig hulle toenemend met mekaar en kry hulle ’n gesamentlike spesiale funksie. | Die heilige verhouding is nie ’n gemeenskaplike verbinding tussen twee mense nie, maar ’n toestand wat slegs in die een se geestesdenke bestaan. ’n Heilige verhouding kan slegs in die geestesdenke van die waarnemer van die verhouding bestaan. Verhoudings is nie heilig ten opsigte van vorm nie, maar slegs ten opsigte van doel. En ’n doel bestaan net in ’n individu se geestesdenke.46 |
| Die program | |
| Die Kursus is ’n opvoedkundige program om geneesde persepsie ons geestesdenke in te neem en na ander uit te brei. Elke volume het ’n primêre taak (Teks = studie, Werkboek = oefening, Handboek = uitbreiding) en behels ’n sekere fase van die algemene program. Gesamentlik rig dit ons deur die enkele proses om geneesde persepsie toenemend te internaliseer, ’n proses wat met elke volume verdiep. | Die Kursus is ’n opvoedkundige program om geneesde persepsie ons geestesdenke in te neem en niks meer nie. Elke volume van die Kursus het ’n ietwat ander fokus en dra op unieke wyse by tot die student se onderrig en groei.47 Die volumes behels egter nie elk ’n sekere fase in die klim-proses nie en hou ook nie verband met ’n sekere taak deur die student nie. Ons verrig meestal een en dieselfde taak soos ons deur die volumes gaan: die bestudering van die beginsels (veral die metafisika) en oefening om ons ego’s eerder met die Heilige Gees of Jesus dop te hou. |
| Jesus het nie bedoel dat die Kursus self-studie moes behels nie. Waar hy op ’n paar plekke in die Kursus verwys na nuwe studente, beskryf hy hulle as leerlinge van ’n Kursus onderwyser. Hulle word geskets as mense wat die pad onder die liefdevolle leiding en raad van ’n meer ervare student loop. Dit is nie die enigste manier om die Kursus te doen nie, maar dit blyk die skrywer se verkose pad te wees. | Die Kursus is in wese ’n leerplan vir selfstudie.48 Die bestudering van die Kursus en die navolging van sy spirituele pad is individualisties. Aangesien alle studente van ’n Kursus in Wonders gelei kan word deur die Heilige Gees, sou dit aanmatigend vir ’n onderwyser wees om hulle te vertel hoe hulle die Kursus moet benader.49 |
| Die basiese manier om die Kursus te bestudeer, is om stadig en versigtig te lees, noukeurig aandag te skenk aan die letterlike betekenis van woorde en elke reël primêr te interpreteer in die lig van die onmiddellike konteks daarvan. | Die basiese manier om die Kursus te bestudeer, is om by die letterlike betekenis van woorde (wat hoofsaaklik dualisties is50) verby te kyk na die dieper nie-dualistiese betekenis. Laasgenoemde word onthul wanneer elke reël binne die Kursus se nie-dualistiese metafisika geïnterpreteer word. ’n Student moet altyd elke stelling in die lig van die Kursus se algemene metafisiese onderrig evalueer.51 |
| Die Werkboek dien as ’n opleidingshandleiding vir die Kursus se spirituele metode, ’n handleiding wat probeer om die lewenslange gewoonte te kweek om Kursus oefeninge gereeld en herhaaldelik te doen –gegrond op oefenmetodes wat in die Werkboek geleer word. | Die Werkboek is nie bedoel om ons ’n spesiale spirituele oefenmetode te leer nie, maar bloot om die student te oriënteer ten opsigte van die regte pad en die regte onderwyser.52 Wanneer ons die Werkboek voltooi het, gaan ons verder as sy spesifieke oefenmetodes. Laasgenoemde is slegs vir een jaar bedoel.53 |
| Die Werkboek se oefeninge is opdragte wat so getrou | Alhoewel ’n mate van struktuur aanvanklik nodig is, mag ’n mens |

| | |
|---|---|
| moontlik nagekom moet word. Jesus vra dat ons dit so doen in die wete dat ons die struktuur van die Werkboek nodig het om ons geestesdenke te oefen. | te hard probeer om die Werkboek se opdragte na te kom. Om te probeer om presies te doen wat Jesus sê, kan gegrond wees op die magiese en dikwels onbewustelike hoop om die Outoriteit se guns te wen.54 Die struktuur van die Werkboek sou moontlik ook tot rituele aanleiding kon gee55, ’n oortuiging dat die blote vorm van die oefening tot verlossing lei. Dít kan die inhoud heeltemal saboteer en ondermyn.56 |
| Die Werkboek bied ’n verskeidenheid verskillende lesse en oefeninge aan en om dit te doen soos dit voorgeskryf word, verskaf die middel om die verskuiwing in persepsie wat die Kursus beoog, teweeg te bring. | Die waarde van die Werkboek se voorgeskrewe oefeninge, lê daarin dat ons geleer word dat die geestesdenke ’n keuse het. Die grootste waarde van die oefeninge lê daarin dat dit die ego na die oppervlak bring wanneer ons dit nie doen nie. Die Werkboek verskaf net ’n klaskamer waarin die student se ego na vore kan kom sodat sy denksisteem uiteindelik gesien en herken kan word en daarteen gekies kan word.57 Hierdie metode, die metode om na die ego te kyk met die Heilige Gees of Jesus, die essensie van die Versoening58, is die vernaamste metode om ons persepsie te verander. |
| As ons versuim om die Werkboek se oefeninge te doen, moet ons onsself vergewe, want dit verhoed dat ons die oefeninge opgee (as gevolg van skuld) en dit stel ons in staat om weer onmiddellik na die oefenprogram terug te keer. Om onsself te vergewe, is dus die primêre doel van oefeninge doen. | As ons versuim om die Werkboek se oefeninge te doen, moet ons onsself vergewe, want om onsself te vergewe dat ons dit nie doen nie, is die hele doel van die Werkboek. Die doel van die werkboek se lesse is om jouself te vergewe wanneer jy onvermydelik versuim om die lesse perfek te doen.59 |
| Meditasie is ’n integrale deel van die Kursus se program (die Kursus noem dit nie meditasie nie, slegs een keer, maar onderrig dit heel duidelik). Tydens die vroeë fases van die neerskryf van die Kursus, is dit uitdruklik met Helen en Bill bespreek. Dit speel ’n belangrike rol in die Werkboek wat buiten sy verskeidenheid spirituele tegnieke, drie verskillende meditasie tegnieke onderrig. Die Werkboek onderrig uiteindelik dat ’n mens twee keer per dag, na voltooiing van die Werkboek, moet mediteer. | Hoewel die Werkboek lesse gesien kan word as ’n soort meditasie60, word daar nie in die Kursus gevra dat ’n mens na voltooiing van die Werkboek moet mediteer nie. Meditasie is nie as sulks ’n integrale deel van die Kursus se leerplan nie.61 Studente kan mediteer as hulle wil, maar moet versigtig wees om dit nie ’n afgod te maak of te glo dat alle studente van die Kursus moet mediteer nie. |
| Die meeste van ons sal heelwaarskynlik daarby baat om meer as een keer die Werkboek te doen. Ons is gereed om by die Werkboek verby te gaan wanneer ons op eie stoom kan doen wat dit onderrig, sonder ’n stem van buite om ons te vertel om te oefen. En dit gaan heelwaarskynlik vra dat ons meer as een keer deur die Werkboek gaan. Sodra ons hierdie punt bereik, beveel die Kursus aan dat ons na-werkboek oefening doen, oefeninge wat nog steeds binne die basiese struktuur van die aanvanklike oefeninge val, maar wat aanpas by ons behoeftes. | As ’n reël hoef ons nie meer as een keer deur die Werkboek te gaan nie. Ook moet dit liefs vroeg wanneer ’n student met die Kursus begin, gebeur.62 Die behoefte om die Werkboek meer as een keer te doen, is heelwaarskynlik die stem van die ego wat op herhaaldelike pogings aandring in die magiese hoop dat jy dit uiteindelik sal regkry.63 Dit is nie nodig om na die Werkboek nog gestruktureerde oefeninge te doen nie. Die Heilige Gees is die res van jou lewe beskikbaar as jou Onderwyser van vergifnis.64 |
| Die Handleiding behels die finale fase van ’n student se ontwikkeling: uitbreiding na ander. Die primêre doel daarvan is om as voorgeskrewe handboek te dien vir ervare studente van die Kursus wat reeds deur die Teks en Werkboek gegaan het en nou gereed is om hulle funksie van uitbreiding te vervul. ’n Sekondêre doel is om as opsomming te dien vir sommige leerstellinge in die Kursus vir sowel die onderwyser (of mentor) van die Kursus en die student. | Die primêre doel van die Handleiding is om ’n opsomming van sommige van die onderwerpe en beginsels in die teks te gee.65 As sulks is dit essensieel ’n bylae tot die Teks en Werkboek, ’n baie nuttige byvoegsel (laasgenoemde word in die woordeboek beskryf as iets wat tot iets anders bydrae, maar nie noodwendig deel daarvan is nie) tot die twee boeke.66 Dit behels nie ’n afsonderlike fase van die Kursus se program of die student se ontwikkeling nie en ook is dit nie bedoel vir onderwysers (soos in die geval van ’n mentor) van die Kursus of vir hulle studente nie. |
| Die term ‘onderwyser van God’ waarna in die Handleiding verwys word, is iemand wat gereed is om ander te onderrig of na hulle uit te brei omdat ’n sekere stadium van ontwikkeling bereik is. Hy bereik hierdie gereedheid deur sy gemeenskaplike betrokkenheid met ander waarlik in te sien en deur die Kursus se Teks en Werkboek te voltooi. | Die term ‘onderwyser van God’ verwys nie na iemand wat gereed is om ander te onderrig om na hulle uit te brei nie, maar is Jesus se term vir sy studente,67 ’n algemene term vir diegene wat ’n Kursus in Wonders as hulle spirituele pad volg.68 |
| Hoewel die onderwyser van God se rol om na ander uit te brei baie vorms kan aanneem, omskrywe en fokus die Handboek spesifiek op twee vorms: die onderwyser van leerders (’n Kursus mentor wat studente met minder ervaring onderrig) en ’n geneser van pasiënte (’n Kursus gebaseerde spirituele | Aangesien aktiewe uitbreiding na ander nie ’n deel van die Kursus is nie, staan die Handboek nie letterlik enige spesifieke rol voor, soos dié van onderwyser van leerders of geneser van pasiënte nie. Om anders te glo, is ’n vorm van spesiaalheid: Die ego se behoefte om homself en die wêreld spesiaal te maak, sal |

| | |
|---|---|
| geneser). | die Handboek se boodskap verdraai sodat Kursus studente dink hulle word deur Jesus gevra om ander studente op gedragsvlak te onderrig, siekes gesond te maak, of vir die wêreld te preek.69 |
| Diverse | |
| Die heilige oomblik is een waartydens ons ons gewone geestelike raamwerk, wat op die verlede gebaseer is, opsy sit en die tydlose hede betree. Ons gaan 'n ander geestestoestand binne waar ons ervaar hoe tyd en ruimte as struikelblokke verwyder word, daar nie bewussyn van die liggaam is nie, 'n gevoel dat daar met Jesus of die Heilige Gees (en al ons broers) verbind word, skielike gevoelens van vrede, vreugde en liefde. | Die heilige oomblik is nie 'n oomblik van meditasie waartydens die student 'n goeie ervaring kry en die aanwesigheid van Jesus of die Heilige Gees voel nie. Die heilige oomblik is inteendeel die Kursus se term vir die oomblik buite tyd en ruimte wanneer ons die Heilige Gees in plaas van die ego kies as ons Onderwyser.70 |
| Om op die lig te fokus en na ons duisternis te kyk, speel beide 'n belangrike rol in die Kursus. Dit is noodsaaklik om die ego se duisternis aan die kaak te stel en in kalmte daarna te kyk ten spyte van ons weerstand daarteen. Maar dit is ook belangrik om herhaaldelik stil te staan by die lig (soos die meeste lesse in die Werkboek ons laat doen). Slegs wanneer beide in ons geestesdenke aanwesig is, kan God se lig die duisternis wegskyn. | Dit is nie 'n Kursus in liefde en lig nie, maar een om na die ego se duisternis te kyk. As ons die liefdevolle waarheid oor onsself oorbeklemtoon, verhinder dit die ongedaanmakingsproses en plaas dit ons sluimerende skuld onder 'n swaar kombers van ontkenning. Om te sê dat die kernboodskap van 'n Kursus in Wonders liefde en éénheid is, is nie net teenstrydig met die Kursus nie, maar ontneem ons ook toegang tot 'n geleentheid om te genees. Dit mag die Kursus laat ontaard in geluksalige bog. 71 |
| Die Kursus is 'n radikale onderrigsisteem en dra op unieke wyse by tot die wêreld se spiritualiteite. Hierdie bydrae behoort geëer te word. Ons moet egter ook die Kursus se vele en diepe ooreenkomste met ander spirituele tradisies eer. 'n Deel van die Kursus se uniekheid lê tewens daarin dat dit die diverse elemente wat in ander tradisies gevind word, inkorporeer; elemente wat voorkom om onverenigbaar te wees maar deur die Kursus saamgeweef word tot 'n eenheid (bv. die beklemtoning op die illusionêre aard van die wêreld en die verlossing daarvan). | Die Kursus is so uniek dat dit nie alleen onverenigbaar met die Bybel is nie72, maar ook met ander spirituele paaie.73 Wat dit uniek maak, is dat dit onderrig dat die wêreld 'n illusie is en nie deur God geskep is nie en dat God daarom op geen wyse by die illusie en die onwerklike wêreld betrokke kan wees nie.74 Dit behels selfs 'n suiwerder nie-dualisme as die Advaita Vedanta ('n vorm van Hindoeïsme) of Gnostisisme.75 Pogings om die Kursus met ander spiritualiteite te vergelyk, is subtiele avontuurtjies van die ego om die radikaalheid van die Kursus te probeer verminder. |

Slotsom

Soos gesien kan word, beweeg die Circle en Wapnick se idees, na aanvanklike essensiële ooreenkomste, in heel verskillende rigtings. Dit is eenvoudig twee verskillende sienings van 'n Kursus in Wonders, so verskillend dat ons by die Circle glo dat 'n student nie terselfdertyd altwee ernstig kan volg nie. Hoe moet hierdie verskille beskou word? Eerstens met verdraagsaamheid. Dit is onvermydelik dat sulke verskille sal ontstaan; dit is die mens se natuur. Tweedens moet daar 'n opregte begeerte wees om uit te vind wat die Kursus werklik oor hierdie sake sê. Dit maak geen verskil wie reg is nie. Wat saak maak is om uit te vind wat die Kursus in werklikheid onderrig en dit in werking te stel in jou lewe. Ons hoop dat die artikel hiertoe sal bydra.

(Bronverwysings beskikbaar op www.circleofa.com/articles)

Die opinies wat in hierdie artikel weergegee word, behels die interpretasies en begrip van die skrywer(s) en nie noodwendig dié van Ken Wapnick nie.

18 Julie 2002.

**4. Oor 'n Kursus in Wonders**

deur Greta Jonker

Die doel van A Course in Miracles as 'n middel tot selfontdekking, is om aan te dui dat ware geluk, vrede en vreugde alleen by die innerlike lewe begin. Om 'jouself te ken', vereis moed en die gewilligheid om elke waarde wat jy het, te bevraagteken.

Min mense kon nog kom tot die besef van wat die lewe werklik vir hulle kan inhou. Die meeste gaan ontevrede, verwese, gebroke of onseker deur die lewe. Hierdie mense "slaap van onwetendheid" wat die "skeiding" genoem word en waarvan die mens dink hy kan deur die dood ontsnap, is maar net 'n eindelose herhaling van tyd. Die mens soek, verwilderd en verward, vrede deur middel van oorlog. Die vraag wat gevra moet word, is: "Waar kan ek gaan leer wie ek is?" "Soek en jy sal vind" beteken nie dat jy blindelings en desperaat moet soek na iets wat jy nie kan raaksien nie.

Net in oomblikke van duisternis, desperaatheid en eensaamheid, wanneer die swaartekrag daarvan ons wil oorweldig, wanneer ons verslae en angstig is, sonder betekenis oor ons doel en funksie in hierdie wêreld voel, kan ons 'n antwoord oor die betekenis van die lewe kry.

Ons smag na 'n nuwe geboorte of net 'n verposing vir ons worstelende self-identiteit en kry dan die antwoord wat sedert die begin van tyd in alle ontwaakte geestesdenke ge-eggo het: "Gee die idee van 'n 'geskeide self' op!"

Elkeen van ons kan al in die wêreld van tyd begin om 'n ander uitweg te soek. Ons het net nuwe modelle van die werklikheid nodig om ons verbeelding aan te vuur en om ons 'n nuwe visie van ons plek in die kosmos te gee. As jy vasklou aan die idee dat die wetenskap bewys het dat "alles meganies is," dat daar geen plek in die universum vir die bewuste, die siel en gees is nie, is jou geestesdenke aan die slaap.

Om die sterre met slegs die oë te sien, bring niks in die sak nie, maar om die reaksie diep binne jou wese waar te neem, is heeltemal iets anders en besonders. Ver onderkant die oppervlak van die individuele bewuste en selfs by die individuele onbewuste verby, is daar iets in elkeen van ons wat verwant is aan dit wat die groot ruimte daarbo deurtrek. As daar na binne gekyk word, word dit waargeneem as diep en wyd, vol misterie.

’n Verskuiwing in die bewuste is al wat ’n verandering, waar dialoog vervang word met openbaring, teweegbring. Die opdrag “Wees één van geestesdenke” dui gereedheid vir openbaring aan.
Die lesse in die werkboek van ’n Kursus in Wonders is bedoel om hierdie verborge struikelblokke in die bewussyn van die individu, te verwyder deur middel van die Versoeningsbeginsel. Die Versoeningsbeginsel beteken totale toegewydheid, maar ook ’n geestesdenke wat verantwoordelikheid vir die wêreld en die gedagtes uit die verlede wat op die wêreld geprojekteer word, aanvaar. Die geestesdenke word noodwendig stilgemaak. Vergifnis is ’n krag wat al die ou idees uit die verlede genees. As ons ’n nuwe landskap in ons wil ontdek, moet ons eers die oue agterlaat. Alles word bepaal deur die eerste stap met vasberade eerlikheid te neem. *’n Kursus in Wonders* is daardie eerste stap.

Greta Jonker
Endeavor Academy

**5. Die Ewige Wysheid van ’n Kursus in Wonders**

Onderhoud met Roger Walsh, Ph.D.
Met vriendelike toestemming van die Miracle Distribution Center (www.miraclecenter.org)
Vertaal deur Marie de Kock

Die belangstelling in vergelykende godsdienste beleef op die oomblik ’n ongekende hoogtepunt. Die onlangse PBS-reeks “The Wisdom of Faith” van Huston Smith is ’n voorbeeld van die soeke na begrip. In hierdie artikel gaan ons die ewige wysheid in ’n Kursus in Wonders bekyk. Roger Walsh is reeds 18 jaar lank ’n student in ’n Kursus in Wonders en is veral geïnteresseerd in die verhouding van die Kursus tot ander spirituele tradisies. Hy is ’n professor in Sielkunde, Filosofie en Antropologie aan die Universiteit van California in Irvine en het reeds die boeke The Path Beyond Ego: The Transpersonal Vision, The Spirit of Shamanism en Gifts from A Course in Miracles gepubliseer.

Toe Frances Vaughan my die Christelik-mistiese onderrig A Course in Miracles gewys het, was ek nie onbevooroordeel nie. Ek het die boek oopgeslaan en woorde soos “God” en “Heilige Gees” gesien en toe twee jaar lank geweier om iets daarmee te doen te hê. Tydens die tyd het ek kort-kort mense teëgekom wat interessante idees of spreuke aangehaal het. Ek sou vra: “Waar kom dit vandaan?” en hulle sou sê: “Uit A Course in Miracles.”

Eindelik het ek die teks weer bekyk. Na ’n maand of wat, toe ek oor my weerstand teen die Christelike taal gekom het, het ek begin voel dat dit regtig ’n besondere werk is. Die afgelope tien jaar het ek dit intensief bestudeer en my waardering daarvoor het net bly groei.

Een van die kenmerke van ernstige onderrig is, dat wanneer ’n mens iets werklik bestudeer, jy, wat filosowe “hoër grade van betekenis” noem, vind. Dit het elke keer wat ek deur die Kursus gegaan het, gebeur. Ek het nou die punt bereik waar ek glo dit staan gelyk aan enige ander soortgelyke dissipline wat ek teëgekom het. Ander mense, veel wyser as ek, stem saam. Ken Wilber wat die wydste oor die wêreld se sielkunde en spirituele tradisies gelees het, sê die Kursus staan gelyk aan enige ander onderrig.

Die Kursus en die Vier Jogas

Een van die Kursus se unieke kenmerke is dat dit besonder goed geïntegreer is. Die meeste ander onderrig is die resultaat van ’n hele paar wysgere wat uit die vuis praat met verskillende groepe dissipels wat sommige van hul idees neerskryf en ander vergeet het sodat die versameling geskrifte nie juis geïntegreerd is nie. Van die lewe van Jesus byvoorbeeld, het ons maar ’n paar honderd reëls; terwyl ’n paar duisend direk aan Boeddha toegeskryf kan word.

Die Kursus daarenteen is ’n goed-geïntegreerde stelsel wat met ’n begin op bladsy een, stelselmatige verloop in ’n logiese progressie tot die end. Die volgorde van die lesse het ook logiese samehang. Dit dek eers ’n proses van dekonstruksie van ’n mens se gewone manier van waarneming en dan die vervanging of rekonstruksie van ’n gesonder manier van kyk na dinge. Deurentyd word aan al vier sleutelelemente – etiek, konsentrasie, emosie en wysheid – die nodige aandag gegee.

Die Kursus lyk of dit die ewige wysheid (die gemeenskaplike kern van die wêreld se groot godsdienste) in Christelike vorm kan wees. Dit dek die millenia-oue onderrig oor die wese van die universum, die mens en die ontwaking – in Christelike taal.

Hierin word verskillende tegnieke gebruik. Een manier om die verskillende godsdienste te vergelyk, is om Hindoeïsme se verdeling van die spirituele paaie in “die vier jogas”, vier maniere wat die verskillende aspekte van onderrig beklemtoon, te gebruik. Die vier klassieke jogas is: Jnana joga waar ons die intellek gebruik om illusies weg te skaaf; Bhakti joga, die joga van liefde en toewyding waar die emosionele benadering vir mense wat ’n diep-gevoelige houding teenoor godsdiens, spiritualiteit en lewe het, gevolg word; Karma joga, die joga van werk en diens aan die wêreld; en Raja joga, ’n primêr meditatiewe joga. Die Kursus toon duidelik gesofistikeerde elemente van al vier jogas.

Die weg van die intellek

Die Kursus is ’n Jnana joga met buitengewone krag. Dis inderwaarheid die mees gesofistikeerde kognitiewe gedragsveranderende teks wat ek nog teëgekom het. Daar is beskrywings van die aard van identifikasie, psigologiese verdedigings en persepsie wat op gelyke voet staan met enigiets in kontemporêre psigologie en tradisionele wysheidsonderrig. In my lesings oor hierdie temas het ek sekere idees van die Kursus uiters nuttig gevind, iets wat ek eers nie maklik sou erken nie.

Die Kursus lê ’n presiese denksisteem uit wat ’n optimale stelsel vir ontwaking is. Volgens die Kursus skep ons denksisteem ons siening van die wêreld, onsself en die werklikheid. Dus is ons persepsie ’n weerspieëling van ons geestesstemming en ons denksisteem. Ons projekteer baie van wat in ons is op die werklikheid. Uiteindelik, in ’n radikale ontologiese sin, sê die Kursus dat die werklikheid ’n skepping van die geestesdenke is. In dié sin eggo dit die begin van die Boeddha-onderrig (die Dhammapada) wat

begin met:

Ons is wat ons dink.

Alles wat ons is, kom uit ons gedagtes.

Met ons gedagtes skep ons ons wêreld.

Die Kursus, soos Boeddhisme en ander vorme van ewige wysheid, leer dat ons denksisteme onsinnig is en dat ons gevolglik, sonder om dit te besef, in drome en illusies verstrik raak. Met ander woorde, ons drome en illusies is self-vermommend en ons sien dit verkeerdelik as die werklikheid.

Om ons te help om dit te verstaan, vra die Kursus dat ons aan ons slaapdrome moet dink. Dit wys ons dat ons geestesdenke die vermoë het om letterlik wêrelde en liggame wat heeltemal werklik is wanneer ons droom, te skep. Ons identifiseer met ons droom-liggame en neem aan dat ons sal ophou bestaan as dit vernietig word. Anders as rare duidelike drome, besef ons nie dat ons droom voordat ons wakker word nie. Tog, as ons wakker is, kan ons terugkyk na ons drome en sien dat ons droomstaat van bewussyn minder ontologiese validiteit of realiteit het as die staat waarin ons nou is. Die Kursus stel dit so:

“Drome laat jou sien dat jy oor die mag beskik om ’n wêreld te maak soos jy dit wil hê, en dat jy dit juis sien omdat jy dit wil hê. En terwyl jy jou gemaakte wêreld sien, twyfel jy nie daaraan dat dit werklik is nie. Tog is hier nou ’n wêreld, duidelik binne jou geestesdenke, wat buite blyk te wees........ Jy blyk wakker te word, en die droom is verby. Maar wat jy nie insien nie is dat wat die droom veroorsaak het, nie daarmee saam verdwyn het nie..... En waartoe jy blyk te ontwaak, is slegs ’n ander vorm van dieselfde droom wat jy in die droom sien..... Al jou tyd word in drome deurgebring. Jou slaapdrome en jou wakkerdrome het verskillende vorms, en dit is al.” (T-18.II.5:1-13)

Die Kursus sê dat ons gewone wakker-staat ook ’n droom is, inderwaarheid ’n ongelukkige psigotiese droom. Die Kursus bied dus ’n alternatiewe denksisteem wat ons negatiewe droom met ’n gelukkige kan vervang. Dit is steeds ’n droom, maar dis die gelukkigste droom wat ons kan skep en een waaruit dit makliker is om wakker te word.

Maar die Kursus se uiteindelike doel lê verder as alle drome en mik op ontwaking. Sy boodskap is dat daar ’n ander staat van bewussyn is wat vir ons gewone staat van bewussyn soos ons wakker-staat vir ons droom-staat is. Dit is verlossing, bevryding, geestesverligting of moksha. Dus, die fundamentele boodskap van die Kursus soos in die ander groot spirituele tradisies, is: “Ontwaak!”

Hierdie ontwaking behels die ontrafeling van die kultuur-vrye illusie waarin ons lewe. Hierdie kultuur-vrye illusie, of konsensus-beswyming soos Charles Tart dit noem, kan as ’n vorm van hipnose beskou word. Wat ons as normaliteit sien, is eintlik ’n vorm van kultuur-wye hipnose. Dis presies wat die groot spirituele tradisies (hoewel hulle ander terme gebruik) en kontemporêre denkers soos Tart, Willis Harman en Ken Wilber beweer.

Die Kursus spoor ons dus aan om uit ons kollektiewe beswyming te ontwaak. Die manier wat dit hiervoor bied, volg logies uit die bewering oor waarom ons gehipnotiseerd is. As ons deur ’n kollektiewe bedrieglike denksisteem beswym is, dan is die oplossing duidelik – soos in kognitiewe gedragsverandering – ’n ander denksisteem is nodig, ’n sisteem wat ont-hipnotiseer en ons sal laat ontwaak. Dit is wat die Kursus wil doen; dit bied ’n alternatiewe denksisteem wat die kulturele sisteem waaraan ons sedert geboorte blootgestel is en wat ons so goed beswym, te vervang.

Die weg van die hart

Die snykant van Bhakti joga, die joga van liefde en toewyding, is die transformasie van emosies. Die Kursus fokus ook op die transformasie van emosies en die kultivering van liefde. Inderwaarheid, dit sê: “dit is ’n kursus oor liefde” en dat enige kursus wat ons wil leer wat ons werklik is, ons van liefde moet leer. Die soort liefde wat die Kursus beklemtoon, is ’n universele of nie-eksklusiewe onvoorwaardelike liefde wat die vroeë Christene “agape” genoem het en wat die Kursus die liefde van God noem. Lesse wat hierop fokus, is onder andere een met die titel: “Ek voel die Liefde van God nou in my” en in ’n ander: “Vandag omhul die vrede van God my en ek vergeet alles behalwe Sy Liefde.”

Een kenmerk van die Kursus wat ek in geen ander tradisie teëgekom het nie, is die gebruik van verhoudings – spesifiek portuur-verhoudings – as die primêre manier van ontwaking. Bhakti joga gebruik ook verhoudings, maar nie juis dié tussen portuurgroepe nie. Eintlik beklemtoon Bhakti joga gewoonlik toewyding aan óf liefde vir ’n god óf ’n guru. Dit gaan nie oor ’n liefde-verhouding tussen gelykes nie. Baie tradisies erken die goddelikheid in ander, maar die Kursus se beklemtoning van die gebruik van ons portuur-verhoudings vir ontwaking is uniek in sy detail en sofistikasie. Dit beslaan dosyne daaglikse lesse en honderde bladsye van presiese instruksies oor hoe om verhoudinge te heel, vergifnis te beoefen, mekaar as spieëls en wederkerige redders te sien, die goddelikheid in elkeen van ons te ervaar, griewe te laat gaan, die vreugde van ander te geniet, mekaar se interafhanklikheid te erken, verwagtinge en vereistes te laat vaar en die begeerte om liefde en diens te gee, te kweek. Baie mense, ekself ook, voel dat dit miskien die mees gesofistikeerde en diepste benadering tot verhoudings is wat hulle van weet.

Die Kursus verdeel verhoudinge in heilige en onheilige verhoudings. Die naaste hieraan wat ek ken, is Maslow se onderskeid

tussen motiewe wat op behoefte en toereikendheid gebaseer is. As ons deur ’n gevoel van behoefte en tekort gemotiveer word, gaan ons verhoudings aan om iets te verkry. In verhoudinge wat op toereikendheid gebaseer is, het beide mense reeds ’n gevoel van welsyn en heelheid en ’n begeerte om te deel in die verhouding. Volgens die Kursus:

“Want ’n onheilige verhouding is gebaseer op verskille, waar elkeen dink dat die ander het wat hy nie het nie.” (T-22.in.2:5)

“’n Heilige verhouding begin met ’n ander veronderstelling. Elkeen het na binne gekyk en geen tekort gesien nie. Omdat hy sy volledigheid aanvaar, wil hy dit uitbrei deur met ’n ander wat so heel soos hyself is, te verbind. Hy sien geen verskil tussen hierdie selwe nie, want verskille is slegs eie aan die liggaam.” (T-22.in.3:1-4)

Die Kursus raai ons spesifiek aan om elke verhouding as ’n manier om albei persone te laat ontwaak, te sien. Dit postuleer dat elkeen van ons tegelykertyd onderwyser en student, pasiënt en terapeut is. Dit lei ons om ’n verhouding te benader met die erkenning dat, soos ons die Goddelike in ons het, die ander persoon dit ook het. Die Kursus sê dis makliker en vaardiger om na die goddelike kern in die persoon en die self te soek, omdat hierdie kern transpersoonlik is, nie eksklusief nie.

Die Kursus bevat ’n aantal baie praktiese verhoudings-tegnieke. Byvoorbeeld, wanneer die “heiligheid” van ’n verhouding bedreig word, soos in ’n argument, word ons aangeraai om soos volg te werk te gaan:

“Wie ook al op die oomblik dat die bedreiging waargeneem word die wyser een sou wees, moet onthou hoe diep sy erkentlikheid jeens die ander is en hoeveel dankbaarheid aan die ander verskuldig is, en hy moet bly wees dat hy sy skuld kan vereffen deur aan beide blydskap te bring. Laat hy die volgende onthou, en sê:

Ek begeer hierdie heilige oomblik vir myself,

sodat ek dit met my broer wat ek liefhet, kan deel.

Dit is nie moontlik dat ek dit kan kry sonder hom nie,

of hy sonder my nie.

Tog is dit vir ons heeltemal moontlik om dit nou te deel.

En dus kies ek hierdie oomblik as die een om die Heilige Gees aan te bied,

sodat Sy seën op ons mag neerdaal, en ons beide bewaar in vrede.”

Dit lei tot ’n ander belangrike beklemtoning van die Kursus: vergifnis. Waar die Christelike godsdiens tradisioneel vergifnis onderstreep het, gee die Kursus dit ’n meer psigologiese betekenis. Dit sê: as ons ander vergewe, vergee ons eintlik ons eie skaduwee en die projeksies wat ons nie in onsself wil erken nie. Die Kursus hervorm vergifnis om dit duidelik te maak dat vergifnis die persoon wat vergewe word, sowel as die een wat vergewe, help. Dit maak aanspraak daarop dat vergifnis ’n kragtige helende proses is en sê: “Vergifnis is die sleutel tot geluk.”

Die weg van diens

Karma joga is die weg van diens aan die wêreld. Die Kursus sê dat ons nie na ’n klooster hoef te gaan om dit te beoefen nie. Dit beklemtoon dat die vrede, liefde en vreugde wat ons in die wêreld beoefen deur die deel daarvan, vermeerder. Dit sê inderdaad dat as ons dit net vir onsself beoefen, dit teen-produktief is, want dan verskerp ons die persepsie dat ons van ander mense verwyder is en ontken die dieper waarheid van die eenheid van Één Geestesdenke. Die Kursus het dus sterk parallelle met Mahayana Boeddhisme. Beide glo dat ons finale bevryding afhang van die bevryding van almal en beveel diens aan ander aan as ’n manier van ontwaking.

Tog maak die Kursus ’n onderskeid tussen diens en opoffering, wat ek uiters bruikbaar vind. Dit waarsku teen diens as opoffering, want opoffering kan lei tot gegriefdheid en wrewel. Die hele idee van opoffering is teenstrydig, want as ons iets vir ander doen en dit as opoffering sien, sien ons onsself weer as verwyderd van hulle. Die idee is om te verstaan dat wat ons ook al vir ander doen, ook vir onsself is.

Die weg van meditasie

Raja joga beklemtoon meditasie en oefening van die geestesdenke. Die Kursus sê: “Hierdie is ’n kursus in die skoling van jou geestesdenke.” (T-1.VII.4:1) Soos ander meditatiewe tradisies wys dit daarop dat die ongeoefende geestesdenke ’n geestesdenke van sy eie het; dit is labiel, kan nie juis konsentreer nie, word deur begeertes en aversies gedrewe en kan deur vrees en gramskap oorweldig word. Die Kursus stel ’n verskeidenheid van tegnieke voor om die geestesdenke beter te beheer:

“Ek het ’n koninkryk wat ek moet regeer. By tye lyk dit nie of ek hoegenaamd die koning daarvan is nie. Dit kom voor of dit oor my triomfeer, en aan my voorskryf wat om te dink, en wat om te doen en te voel. En tog is dit aan my gegee om elke doel te dien wat ek daarin sien. My geestesdenke kan slegs dien. Vandag gee ek sy diensbaarheid aan die Heilige Gees om te gebruik soos Hy

goed dink. So rig ek my geestesdenke, wat net ek alleen kan beheer. En so maak ek dit vry om die Wil van God te doen." (W-236.1:1-8)

Omdat die Kursus so 'n geïntegreerde geheel is, oorvleuel die vier jogas en is dit wederkerend ondersteunend. Byvoorbeeld, soos ons ongeoefende persepsies verskuif, is ons minder geneig om kwaad te word. Dit maak dit makliker om te vergewe en met vergifnis kom meer liefde, wat die begeerte om te dien, verhoog. Al die dinge maak dat die geestesdenke minder onrustig en makliker om te beheer is, sodat dit makliker word om persepsies te verander, om te vergewe en om lief te hê en te dien. Natuurlik kan dit nie ontken word dat vordering by tye baie stadig kan lyk nie, maar die Kursus leer dan ook geduld.

Ander terapeutiese strategieë

Vir leiding beveel die Kursus aan dat ons binne-in onsself moet soek, want die grootste bron van wysheid is in onsself. As ons besluite moet neem, raai die Kursus aan dat ons ons innerlike "leier" moet raadpleeg. So gee ons gaandeweg oppervlakkige ego-besluitneming op en keer ons ons na dieper vlakke van wysheid. Gesag en leiding is nie "daar buite" in iemand anders of selfs die Kursus nie. Die hoogste bron van wysheid is in onsself. Dit is soortgelyk aan ander spirituele en psigologiese stelsels. Byvoorbeeld, psigosintese raai aan om met "die hoër self" in aanraking te kom; in Jungiaans die "Wysheidsargetipe", in Hindoe die "Sadguru", vir die Naskapi Indiane "die innerlike mens" en vir die Kwakers "die innerlike klein stemmetjie".

Die Kursus bestee aansienlike aandag aan hoe om met vrees om te gaan. Soos baie ander weë, wys dit op hoe ons geestesdenke deur vrees gedomineer word en glo dat liefde en vrees twee fundamenteel inhiberende emosies is. Waar daar liefde is, is daar nie vrees nie en omgekeerd.

Die Kursus gaan met vrees om op 'n ietwat ander wyse as die tradisionele psigoterapeutiese metodes waar die vrees en wat dit veroorsaak, ondersoek word. Volgens die Kursus is die enigste werklike tyd, die nou. As daar vrees is, is iets nou besig om te gebeur. Dit moet 'n oorsaak in die hede hê en kan net in die hede opgelos word. Om te glo dat ons die verlede moet verstaan en in die verlede na oplossings moet gaan soek voor ons die vrees kan laat gaan, is selfbeperkend. Inderwaarheid, psigoterapeute het begin om hierdie slaggat raak te sien. Psigo-analitici soos Silvano Ariete noem dit "die genetiese wanbegrip". Transaksionele analitici "die spel van die argeologie". As ons in hierdie slaggat trap, verval ons in wat die transaksionele analitici die "totdat-spel" noem, waarin ons onsself vertel dat ons nie gelukkig kan wees totdat ons iets gedoen het nie, soos om die oorspronklik oorsaak van ons vrees of probleme te vind nie.

'n Beklemtoning daarvan om aanhanklikhede prys te gee, staan sentraal in talle tradisies. Die Kursus is baie duidelik daaroor dat aanhanklikheid 'n sleutel tot lyding is. So eggo dit die Boeddhistiese Tweede Edel Waarheid dat "die oorsaak van lyding begeerte" is. Een les lui: "Ek sal nie waarde heg aan wat waardeloos is nie", 'n ander: "Die wêreld wat ek sien, het niks wat ek wil hê nie" – wat daarop wys dat waarde nie iets inherents aan dinge buite onsself is nie, maar dat dit iets is wat ons daarop projekteer. Die ware bron van vreugde en welsyn is in ons, want die geestesdenke is die bron van beide lyding en vreugde. Om aan dinge geheg te raak, is om die bron van vreugde mis te kyk en te ly as dinge verander soos dit noodwendig sal.

'n Ongewone kenmerk van die Kursus is wat Ken Wilber die "altyd/reeds-waarheid" genoem het. 'n Mens kan die wêreld se godsdienste en spirituele weë in twee hoofgroepe verdeel: weë van bereiking en weë van erkenning. Eersgenoemde aanvaar dat ons op een of ander manier fundamenteel gebrekkig is en veronderstel dat die lewe basies 'n dilemma is. Ons moet dus probeer om onsself in iets anders te verander.

Die weg van "altyd/reeds" begin by die aanname dat ons altyd/reeds is wat ons probeer wees. Gevolglik word die spirituele taak gesien as, nie verandering en verbetering nie, maar herkenning. Die Kursus sê: "Verligting van die gees is slegs herkenning, glad nie verandering nie." W-188.1:4) Volgens Wilber verteenwoordig die altyd/reeds-waarheid die toppunt van spirituele lering.

Die voor- en nadele

Ek moet op sekere kritiek teen die Kursus wys. Die taal is tradisioneel Christelik en baie mense vind dit problematies. Die woorde God en die Heilige Gees mag moeilik wees vir sommige mense. Baie vroue vind die eksklusiewe gebruik van manlike voornaamwoorde hinderlik. Ek het in die begin "verlossing" in "geestesverligting" en "Christus" in "Boeddha" verander. Sommige vroue het "Syne" doodgetrek en "Hare" ingeskryf. Die Kursus is ook uit 'n fundamentalistiese perspektief onaanvaarbaar, omdat dit plek-plek van die Bybel verskil. Verder maak die diepsinnigheid van die idees sommige dele van die Kursus moeilik om te verstaan en kan dit aanvanklik onsinnig lyk. Tog, die meeste mense vind dat as hulle aanhou om die materiaal te bestudeer, hulle insig verdiep en die onduidelikhede verstaanbaar word. Oop-kop-geduld is blykbaar die beste benadering.

Wat die voordele betref, is die Kursus soos reeds genoem, baie goed geïntegreer. Baie godsdienste fokus op een pad soos diens of die aankweek van liefde. Die Kursus lyk spesifiek bedrewe in die gebruik van 'n verskeidenheid benaderings. Gegewe die intellektuele sofistikasie daarvan, is dit verbasend hoe 'n wye gehoor dit betrek. Daar is reeds meer as 1.7 miljoen kopieë verkoop – net deur mondelingse oordrag aan 'n verskeidenheid van mense, van universiteitsgeleerdes tot dié met minder geleerdheid. Dit het al in 9 tale verskyn en daar word gewerk aan nog 18 ander. In 'n onlangse opname het Common Boundary-lesers die Kursus as die mees invloedryke boek wat hulle ooit gelees het, bestempel.

Die Kursus is intellektueel bevredigend, psigologies gesofistikeerd, positief en liefderyk. Dit veroordeel nooit nie, val nooit aan nie en verwys ons voortdurend terug na onsself en die erkenning dat ons op die mees fundamentele vlakke, altyd/reeds liefhebbend, vreugdevol, vry en goddelik is. Kortliks, dit sê ons is altyd/reeds nie net meer as wat ons droom nie, maar meer as wat ons kan droom. Uiteindelik wys dit oor alle drome na die Self wat ons deel, na die Christus Geestesdenke, na God en die herkenning dat

Hulle (Ons) één is en dat hierdie Éénheid nou en elke oomblik op ons erkenning wag.

“Laat ek onthou dat ek één met God is, één met al my broers en met my Self, in ewigdurende heiligheid en vrede.” (T-124.12:2)

**6. Hoe kon die skeiding plaasgevind het?**

Die vrae wat die meeste oor ’n Kursus in Wonders gevra word – deur Gloria en Kenneth Wapnick Ph.D (Uit Hoofstuk 2)
Met vriendelike toestemming van die Foundation for A Course in Miracles (www.facim.org)

Vertaal deur Marie de Kock
Hoe het die ego ontstaan en wat verhoed dat die verwydering wéér kan ontstaan?
Dit is beslis een van die mees gevraagde vrae en dit wil lyk of elke student van ’n Kursus in Wonders een of ander tyd hieroor dink. Ons is deur die jare beïndruk deur die vernuf waarop van die Kursus-studente hierdie kwessie benader het; tog kan die basiese vraag so geformuleer word: “As God perfek en één is en ’n perfekte en verenigde Seun het, hoe kon ’n onvolmaakte gedagte van verwydering en skeiding binne sulke Geestesdenke ontstaan het?”

Jesus se antwoord op die vraag kom in die Kursus binne ’n nie-dualistiese raamwerk en sal beswaarlik ’n intellektueel nuuskierige geestesdenke wat ’n antwoord in sy eie terme vra, bevredig. Hoewel, binne die dualistiese raamwerk wat ons as ons realiteit ervaar, is die vraag eintlik ’n bewering as ’n vraag vermom, gevra deur ’n ego-geestedenke om sy eie werklikheid en uniekheid te bevestig. Dus, die vraagsteller sê eintlik: “Ek glo ek is hier, nou wil ek hê jy moet verduidelik hoe ek hier gekom het.”

Die bewuste, synde die eerste splitsing in die geestesdenke van die dromende Seun, is ’n ego-staat waar ’n waarnemer en die waargeneemde as aparte “werklikhede” lyk te bestaan. Die bewuste het ’n konsep van ’n beperkte vals self wat apart en onseker is en wat die teenoorgestelde van die ware Self soos God dit geskep het, tot gevolg. En dit is hierdie vals self wat glo dis “hier” en die vraag oor sy eie oorsprong “vra” om dit te verifieer. Inderwaarheid egter kan onvolmaaktheid nie uit volmaaktheid kom nie en ’n onvolmaakte gedagte van skeiding en verdeling kan nie uit die volmaakte Geestesdenke van God se volmaakte Seun waar teenstelling nie bestaan nie, kom nie. Net ’n droomwêreld kan hierdie absurditeite en die geloof wat sulke onsekerhede kweek, tot sulke sinlose gepeins lei.

Die vraag kan net gevra word deur mense wat glo en ervaar dat hulle geskei en afsonderlik is en kan net beantwoord word deur iemand wat saamstem met die aanname dat die onmoontlike gebeur het en dus ’n verduideliking verlang en vereis. Dus, slegs ’n dromende ego sal so ’n vraag stel, omdat ’n Seun van God, seker van sy identiteit in die Hemel en ontwaak in God, nie eens die skeiding wat die basis vir die stelling van die vraag is, kan voorstel nie. En duidelik, as die verwydering nooit plaasgevind het nie, hoe kan dit weer gebeur? Dis weer ’n truuk-vraag, baie soos die vraag: “Wanneer het jy opgehou om jou vrou te mishandel?” wat, hoe ook al beantwoord, net diskriminerend kan wees.

Jesus beantwoord hierdie vraag twee keer baie duidelik; die eerste in die teks waar hy ’n baie praktiese antwoord op ’n vraag wat oorspronklik deur William Thetford, ’n kollega en vriend van Helen gevra is, gee.

“Dit is redelik om te vra hoe die geestesdenke ooit die ego kon gemaak het. Om die waarheid te sê, dit is die beste vraag wat jy kan stel. Dit het egter geen sin om ’n antwoord aan die hand van die verlede te gee nie, want die verlede maak nie saak nie, en geskiedenis sou nie bestaan het as dieselfde foute nie herhaal was in die hede nie.” T-4.II.1:1-3

Met ander woorde, hoekom bekommerd wees oor hoe en waarom die skeiding in die verre verlede plaasgevind het, as jy nog steeds die keuse om geskei te wees, in die teenwoordige maak?

Die volgende antwoord kom in twee dele in die verklaring van terme, die aanhangsel by die handleiding vir onderwysers. Hier is Jesus se antwoord op die man af as dit die pseudo-aard van die vraag self aanspreek:

“Die ego sal baie antwoorde wil hê wat hierdie kursus nie verskaf nie. Hy herken nie as vraag dit wat bloot die vorm van ’n vraag het waarop geen antwoord moontlik is nie. Die ego mag moontlik vra: “Hoe het die onmoontlike plaasgevind?”, “Met wie of wat het die onmoontlike gebeur?”, en kan dit in vele vorms vra. Maar daar is geen antwoord nie, slegs maar ’n ervaring. Soek slegs dit, en laat teologie jou nie vertraag nie.” V-in.4

“Wie jou vra om die ego te definieer en te verduidelik hoe hy ontstaan het, kan maar net iemand wees wat dink dat hy werklik is, en deur die definisie probeer verseker dat die illusionêre aard daarvan verberg word agter die woorde wat hom werklik laat lyk.

Daar bestaan nie ’n definisie vir ’n leuen wat daartoe dien om hom waar te maak nie.” V-2.2:5 – 3:1

**7. Vrees of genesing –wat kies jy?**

Darla Hughes, leraar Miracles Healing Center
Vertaal deur Marie de Kock
Besef jy dat jy ’n ingebore vermoë het om jouself te genees? Natuurlik het jy. Jyself veroorsaak siekte en dood en het sélf die vermoë om met beide weg te doen. Die liggaam is nie werklik nie; dit verander as jy dit vergewe en jou geestesdenke oor sy doel verander. Die liggaam is net ’n medium van kommunikasie. Wat wil jy kommunikeer – vrees, skuldgevoel en dood of sekerheid, liefde en heelheid? Jy kies elke oomblik. Jy kan kies om die lig van die wêreld te wees of jy kan dink jy bestaan in ’n liggaam:

beperk, swak en gedoem tot verderf.

Hoekom sal jy 'n liggaamsidentiteit kies? Jy is net bevrees om deur Liefde vernietig te word! Is dit nie 'n wonderlike gedagte nie? Jesus in 'n Kursus in Wonders vra jou om te erken dat jy bang was vir God. Jy dink Hy sal jou straf omdat jy Hom verwerp het. Jy vrees genesing omdat jy dink jy wil 'n aparte identiteit hê. As regeerder in jou eie heelal, kies jy somber gedagtes wat jou bevrees en gevange hou. As jy nie volkome vreugdevol en geïnspireerd (in die Gees) is nie, is jy letterlik niks nie.

Jesus sê in 'n Kursus in Wonders: As jou wil nie myne was nie, sou dit nie ons Vader s'n wees nie. Dit sou beteken dat jy joune in gevangenskap geplaas het en dit nie vry laat wees het nie. Uit jouself kan jy niks doen nie, want uit jouself is jy niks nie. Ek is niks sonder die Vader nie en jy is niks sonder my nie, want deur die Vader te verloën, verloën jy jouself. T-8.IV.7:1-4

Ek wil jou die heropstanding van jou individuele liggaam bied. Toe Jesus opgestaan het, het Hy verskyn as totaliteit van jouself. Dit kan nie verstaan word anders as in die lig nie. Wil jy die lig van God wat essensieel is vir jou transfigurasie, ontvang? Die krag van die besluit is in jou geestesdenke. Solank jy kies om die wêreld as 'n werklikheid te sien, sal jy nooit genees word en gelukkig wees nie. Jy is nie van die wêreld nie. Jy is Gees, één met God en Sy skepping. Dit kan nie aangeleer word nie. Jy moet 'n ervaring van bekering van donkerte na lig hê.

Siekte wil bewys dat leuens wel die waarheid moet wees. Maar genesing bewys dat die waarheid waar is. Die skeiding wat siekte wil oplê, het nooit regtig plaasgevind nie. Om genees te word, behels bloot om te aanvaar wat altyd die eenvoudige waarheid was, en wat altyd sal bly soos dit vir ewig gewees het. Maar oë wat gewoond aan illusies was, moet gewys word dat wat hulle sien, onwaar is. So moet genesing, wat nooit deur die waarheid benodig was nie, bewys dat siekte nie werklik is nie. W-137.4:1-6

Genesing toon dat siekte nie werklik is nie, daarom is liggame nie werklik nie. Jesus het dit met sy opstanding gedemonstreer. Jy demonstreer dit as jy die Lig van God toelaat om jou spiritualiteit te verhoog waardeur jou geestesdenke getransformeer en jou liggaam verjong word - fisies. Jou opstanding is gewaarborg, omdat dood nie bestaan nie, dit is net 'n droom dat dinge sterf. Die dood is die finale illusie wat jou geestesdenke moet oorwin.

Baie eenvoudig: die opstanding is die oorwinning of te bowe kom van die dood. Dit is 'n herontwaking of 'n wedergeboorte, 'n verandering van geestesdenke oor die betekenis van die wêreld. Dit is die aanvaarding van die Heilige Gees se interpretasie van die doel van die wêreld, die aanvaarding van die Versoening vir jouself. Dit is die einde van drome van ellende, en die blye bewuswording van die laaste droom, die van die Heilige Gees ........ Dit is die droom waarin die liggaam volmaak funksioneer, en waar dit geen ander funksie behalwe kommunikasie het nie. M-28.1:1-6

Om voort te gaan om die weerkaatsing van donker energie te gebruik, sal jou nooit tevrede stel nie. Bring jou geestesdenke terug tot 'n ware refleksie van jouself. Jesus is die manifestasie van die Heilige Gees en hy bestaan regtig en is nou hier by jou. Jy het Sy hulp nodig om verby die kruisiging en vrees te kom. Volg Sy voorbeeld en laat Hom toe om jou lig-frekwensie te vergroot. Jy kan dit nie op jou eie reg kry nie. Jy is bang vir die herinnering van jou eie volmaakte werklikheid waarvan jy bewus sal word.

Jy moet jou jou gedagtes van jouself as 'n mens wat geskei van alles is, vergewe. Daar is niks buite jouself nie. Die Passie van Christus gebeur binne-in jou. Wat is die Passie van Christus anders as jou reis terug – die verandering van jou gedagtes van donkerte na lig?

Jy kan 'n splinternuwe kontinuum van tyd betree waar die lig van die waarheid en genesing vir jou droom van die dood en vrees beskikbaar is. Jesus het opgestaan! Hy het opgestaan vir jou, om jou van jouself en vir jouself te red. Sy verhaal is jou verhaal. Beleef die Passie van Christus deur te onthou dat Jesus nie net by jou is nie, maar ín jou. Beweeg weg van gedagtes aan die kruisiging na gedagtes oor die opgestane Christus.

Jy dra Jesus in jou. Beleef dit. Jesus is nie geskei van jou nie, want jy het hom aanvaar. Jy leer ware kommunikasie. Dit is lig, energie, gees. Jy moet gewillig wees om aan tyd en ruimte te ontsnap om jou werklikheid te ervaar en die lig in jou geestesdenke te vergroot. Dit sal 'n buitengewone ervaring wees – om één te word met die Gees van God. Jesus se verhaal van 2000 jaar gelede is net 'n oomblik gelede. Hy het jou die manier om aan tyd en ruimte te ontsnap, gegee. Jy kan nou 'n nuwe ervaring van opstanding en lewe hê.

Maar Jesus is vir jou die draer van Christus se enkelvoudige boodskap van die Liefde van God. Jy het geen ander nodig nie. Dit is moontlik om sy woorde te lees en daarby baat te vind sonder om hom in jou lewe te aanvaar. Maar hy sou jou nog 'n bietjie meer kon help as jy jou vreugde en verdriet met hom wil deel, en hulle beide agterlaat om die vrede van God te vind. Maar bowenal wil hy hê dat jy sy les leer, en dit lui soos volg:

Daar is geen dood nie, want die Seun van God is soos sy Vader. Deur niks wat jy kan doen, kan die Ewige Liefde verander word nie. Vergeet jou drome van sonde en skuld, en kom in plaas daarvan saam met my om te deel in die opstanding van God se Seun. En bring met jou al diegene saam wat Hy vir jou gestuur het om voor te sorg, soos ek vir jou sorg. V-5.6:4 - 12

**8. Ons is nie net liggame nie; ons is suiwer bewuste**

Deur Ray Comeau

Vertaal deur Marie de Kock
Die mees problematiese ding van die proses van ouer-word, is dat die geestesdenke die gedagtes van veroudering as onveranderlik en ewig ervaar. Dit beteken dat, terwyl die hare grys word, die vel verrimpel, die oë verflens, die gehoor verminder en die spiere verslap, die geestesdenke hierdie gedagtes presies soos toe jy vyf jaar oud was, ervaar. Die bewuste is net die ontvanklike meganisme vir die gedagtes. Jy lees hierdie sin met daardie meganisme. Dit is ewig, konstant en onsterflik. Maar die gedagtes wat dit dra, is óf van die gees óf van die ego. Dit is hoe Jesus dit in sy Kursus stel:

Gedagtes kan die laer of liggaamlike ervaringsvlak verteenwoordig, of die hoër of geestelike ervaringsvlak. Die een maak die fisiese, en die ander skep die geestelike. T-1.I.12:2-3

Hierdie gedagtes word as ’n stem ervaar. Dit is altyd ’n geval van ’n keuse na watter stem geluister word. As ons kies om na die liggaamlike vlak van die gedagtes te luister, veral as ons ouer word, is ons verbaas omdat ons ervaar dat die geestesdenke wat dit dra, ewig en onveranderlik is, hoewel onsself verander.

Hier is ’n gepaste voorbeeld: Jou asem dra woorde soos jou geestesdenke gedagtes dra. Woorde en gedagtes mag verander, maar die asem bly asem en die geestesdenke die geestesdenke. Die medium is die boodskap. Jy bly ewig geestesdenke, soos God jou geskape het. Kyk na die samehang tussen asem en woorde. Sê die woordjie “stop” en let op wat in jou mond gebeur. Die asem kom uit jou larinks wat toon daaraan gee. Dan beweeg dit tussen die kurwe van jou tong en die verhemelte met die s-klank. Die punt van die tong blokkeer die asem ’n halwe oomblik lank vir die t-klank. Die mond gaan oop en die asem vloei deur vir die 0-klank. Die lippe maak toe en produseer die eksplosiewe “p.” So dra ons asem ons woorde, ’n konstante medium, of dit woorde van liefde of woorde van vrees is. Die toon mag verander, maar die asem bly asem.

Netso, maar sonder die fisiese meganisme, dra jou geestesdenke die gedagtes. Die gedagte aan die vrede van God, afkomstig van die Heilige Gees, kom in my geestesdenke op. Baie gepas vir ons voorbeeld, kom die Engelse woord “spirit” uit Latyn “spiritus” wat asem beteken en die Afrikaanse woord “psige” (siel) uit Grieks “psuche” wat ook “asem” beteken. Ons geestesdenke is ’n geleier wat die stem van die ego of die Stem van God, dra. Dus as ons net na die Heilige Gees luister, verkeer ons werklik in die regte geestesdenke.

Die regte geestesdenke (Engels right-mindedness) luister na die Heilige Gees, vergewe die wêreld, en sien in plaas daarvan met die visie van Christus die werklike wêreld. V-1.5:2

Totdat ons leer om hulp om vergifnis vir ons “laer-vlak” gedagtes te vra, is ons in die verkeerde geestesdenke.

Die verkeerde geestesdenke (Engels wrong-mindedness) luister na die ego en maak illusies, neem sonde waar, regverdig woede, en sien skuld, siekte en die dood as werklik. V-1.6:1

En steeds bly ons geestesdenke; ons is bewuste; ons is soos God ons geskape het.

Die bewuste (Engels consciousness) is die ontvangsmeganisme, wat boodskappe van bo of onder ontvang; van die Heilige Gees of die ego. V-1.7:3

Nou het ons ’n verwysingspunt vir hierdie deel uit die Hersiening VI:

Ek is nie ’n liggaam nie. Ek is vry.

Want ek is nog steeds soos God my geskep het.

Ek is nie hierdie gedagtes oor my verouderende liggaam nie. Ek is vry om te kies om my te skaar aan die kant van die gedagtes wat my daaraan herinner dat ek die heilige Seun van God is. Ek is nog steeds, in die sin van voortgaan om te gebeur en in die sin van stilwees, soos God my geskape het. Ek is die bewuste wat ek was voor ek in die wêreld gekom het, die bewuste terwyl ek nou hier is en die bewuste nadat ek die wêreld verlaat het.